

'n Klank- en Vormleerstudie van Songa.

deur

Erdmann Johannes Martin
Baumbach.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad MAGISTER in die LET-
TERE EN WYSBEGEERTE in die Fakulteit LETTERE
EN WYSBEGEERTE.

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.,
Potchefstroom.

10 Februarie 1964.

INHOUDSOPGAWE.

<u>Hoofstuk.</u>		<u>Bladsy.</u>
I	'n Kort oorsig van die geskiedenis van die Ingwa-vumadistrik	I
I.1.	Die verskillende Bantoestamme in die Ingwa-vumadistrik en enkele statistieke	I
I.2.	'n Kort historiese oorsig van elk van die stamme.	I
2.	Die fonetiek van Songa	5
2.1.	Die vokale	5
2.2.	Die semi-vokale	6
2.3	Die konsonante	7
2.4.	Konsonantkaart	13
2.5.	Die foneme van Songa	14
2.5.1	Die vokaalfoneme	14
2.5.2.	Die semi-vokaalfoneme	17
2.5.3.	Die konsonantfoneme	19
3.	Die sinkroniese ^s foniese fonologie van Songa	30
3.1.	Labialisering met 'n velare kons. as resultaat.	30
3.2.	Labialisering met 'n alveolare kons. as resultaat.	30
3.3.	Palatalisering met 'n alveolare kons. as resultaat.	31
3.4.	Assimilasie	31
3.4.5.	Konsonantalisasie	32
3.4.6.	Vokale in naasmekaarstelling	33
3.5.	Die prosodiese eienskappe van Songa	34
4.	Die diakroniese ^s foniese fonologie van Songa	36
5.	Die morfologie van Songa	42
5.1.	Die selfstandige naamwoord	42
5.2.	Die <u>forming</u> van selfstandige naamwoorde	52
5.3.	Die afleidings van die selfstandige naamwoord.	53
5.3.1	Die verkleinwoord	53
5.3.2.	Die lokatief	57

6.	Die voornaamwoord	61
6.1.	Die absolute voornaamwoord	61
6.2.	Die possessiewe voornaamwoordstamme	61
6.3.	Die demonstratiewe voornaamwoord	62
6.4.	Die emfatisiese demonstratief	63
6.6.	Die kwantitatiewe voornaamwoord	65
7.	Die adjektief.	68
8.	Die possessiefkonstruksie in Songa	70
9.	Die aanduiding van getal in Songa	74
10.	Die trappe van vergelyking en die formatiewe sanga-, na-, ens.	77
11.	Die bywoord	79
12.	Die voegwoord	83
13.	Die ideofoon	85
14.	Die werkwoord	87
14.1.	Die onderwerpskakel.	87
14.2.	Die voorwerpskakel.	88
14.3.	Die refleksief	89
14.4.	Afgeleide werkwoorde	89
	a) Die passiewe aktionsart	89
	b) Die neuter aktionsart	90
	c) Die applikatiewe aktionsart	90
	d) Die resiprokale aktionsart	91
	e) Die kousatiewe aktionsart	92
	f) Die intensiewe aktionsart	93
	g) Die reversiewe aktionsart	93
	h) Die diminutiewe aktionsart	93
15.	Die konjugasie van die werkwoord	95
15.1.	Die indikatiefmodus	95
15.2.	Die partisipiale modus	104
15.3.	Werkwoordinfikse met 'n implikatiewe betekenis	105
15.3.1.	Die enklitiese formatiewe	106
15.4.	Die defisiënte werkwoorde	107
16.	Die direkte relatiefkonstruksie	109
16.2.	Die indirekte relatiefkonstruksie	110

17.	Die kopulatief	113
17.1.	Die identifiserende kopulatief	113
17.2.	Die assosiërende kopulatief	115
17.3.	Die beskrywende kopulatief	116
18.	Oerbantoe-Ronga	120
	Tekste	

DANKBETUIGINGE.

In die eerste plek aan Prof. J. Breed van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. my dank vir die leiding wat hy aan my gegee het en opoffering wat hy gemaak het om my op een geleentheid na Maputa te vergesel.

My dank ook aan hom as my promotor wat gewillig was om onder moeilike omstandighede my verhandeling na te sien.

My opregte dank en waardering ook aan mnr. en mevr. E.V. Johannesen van Maputa by wie ek tuis was gedurende my studie aldaar.

My dank ook aan mnr. en mevr. W.J. Zylstra van Ingwavuma, by wie ek ook 'n paar dae tuis was en aan mnr. Zylstra as Bantoesakekommissaris vir die geleentheid wat hy aan my gebied het om my studie te kon voltooi.

My dank ook aan ~~mnr.~~^{ds.} J.A. Louw van die Universiteit van Suid-Afrika vir waardevolle wenke aan my gegee.

My opregte dank ook aan Prof. De Villiers Pienaar van die Pretoria Universiteit vir 'n bandopname-masjien wat hy tot my beskikking gestel het.

Besondere dank ook aan mnre. C.J.H. Krüger en J.A. du Plessis van die Potchefstroomse Universiteit vir waardevolle wenke gegee in verband met hierdie studie.

My opregte dank ook aan die personeel van die Universiteitsbiblioteek vir die dienste aan my gelewer in verband met interbiblioteeklenings en die verkryging en beskikbaarstelling van boeke.

Fuṣi ndijula kubonga Solomon Tembē lwe'atṣhama ku-Maputa. Hiyene angandipfuna ngopfu zinene ekudondeni aShiṣonga.

Inleiding

Die doel van hierdie studie was alleen om 'n ~~sinkroniese~~^{sinkroniese} ondersoek na die taal in te stel. Alhoewel ons ook ~~diakronies~~^{diakronies} te werk gegaan het deur die taal na Oerbantoe te herlei, is dit alleen gedoen om die klankverskuiwings wat plaasgevind het, vas te stel.

Die doel was ook nie om 'n vergelykende studie met die aanverwante tale en omliggende tale te doen nie. Alleen waar daar interessante afwykinge in die taal voorkom, is daar verwys na aanverwante tale of invloed van Zoeloe op die taal.

Daar is van 'n hele aantal informante gebruik gemaak, naamlik vrouens omdat hulle die taal die beste ken en data so versamel is dan altyd met Solomon Tembe, wat die taal goed magtig is, gekontroleer en dikwels ook nog met Amos Makhanya.

Aangesien daar so 'n noue verwantskap bestaan tussen Ronga en Songa, het ons dit goed gedink om te poog om Ronga ook na Oerbantoe te herlei sodat die verskil tussen Ronga en Songa vasgestel kan word.

HOOFSTUK I

I.0. 'n Kort oorsig van die geskiedenis van die Ingwavuma-distrik.

Kragtens Proklamasie No. 9/1895 is Sambaneland (wes van die Pongolarivier) geannekseer aan die "dominions of Her Majesty Queen Victoria" en kragtens Proklamasie No. 13/1895 is Sambaneland aan Zoeloeland geannekseer.

Kragtens Proklamasie No. 10/1897 is AmaTongaland of Maputaland (oos van die Pongolarivier) geannekseer aan "The Dominions of Her Majesty Queen Victoria" en kragtens Proklamasie No. 14/1897 is ook Maputaland aan Zoeloeland geannekseer.

I.1. Die verskillende Bantoestamme in die Ingwavumadistrik en enkele statistieke soos aangegee vir die jaar 1960.

I.1.1. Die Tembe-/Mabudu-/Makasana-stam.

Geregistreerde belastingbetalers	28,549
Persentasie van distrik se Bantoebevolking	64%
Sieletal	± 60,000

I.1.2. Die Nyawo-stam.

Geregistreerde belastingbetalers	7,561
Persentasie van distrik se Bantoebevolking	17%
Sieletal	± 20,000

I.1.3 Die Matenjwa-stam.

Geregistreerde belastingbetalers	5,459
Persentasie van distrik se Bantoebevolking	12%
Sieletal	± 12,000

I.1.4. Die Mngomezulu-stam.

Geregistreerde belastingbetalers	2,800
Persentasie van distrik se Bantoebevolking	7%
Sieletal	± 8,000

I.2. 'n Kort historiese oorsig van elk van die stamme.

I.2.1. Die Tembe-/Mabudu-/Makasana-stam.

Die Tembe-/Mabudu-/Makasana-stam het vroeër in Portugees Oos-Afrika gewoon vanaf die Temberivier en die omgewing van Delagoabaai suidwaarts tot binne die Republiek van Suid-Afrika se grense. Dit blyk ook uit die volgende aanhaling uit die distriksrekordboek:

"For many generations the tribe, which was a very numerous and powerful one, occupied a large tract of country, extending from the Tembe River, and the neighbourhood of Delagoa Bay, to the Zulu border (en wel tot by die Sibayimeer en selfs verder suid) Although never dispersed by Tshaka, the tribe gave allegiance to him, and continued

their vassalage to the Zulu Kings up to the Zulu War".

(Sublêer no.7/37/3, Distriksrekordboek, bl.36).

Kragtens die MacMahon-kommissie se uitspraak, is 'n groot gebied van hierdie stam se grondgebied in 1875 aan Portugal toegewys.

In 1895 het die Regentes Zambili egter 'n deputasie na Sir A.E. Havelock (hy was die goewerneur van Natal) gestuur en die gevolg was dat sy en haar onderdane in 1895 onder die Britse beskerming gekom het.

"Shortly after the proclamation of the British, Zambili and her son Ngwase, the present chief, were driven by the Portuguese from their possessions in which her and her son's chief kraals were situated. They fled to Zululand, where they were accorded British protection, and the portion of their country under British influence was annexed as a British possession, and incorporated in Zululand.. Ngwase and his present following now occupy the country so incorporated, but a large portion of his tribe remained in Portuguese Possessions."

(Sublêer no.7/37/3, Distriksrekordboek, bl.38).

Daar is gevind dat die vrouens van die Tembe-stam Songa nog baie goed ken en ook in hulle onderlinge gesprekke met mekaar besig. Die mans verstaan dit wel, maar gebruik Zoeloe as omgangstaal. Hierdie toedrag van sake was alreeds vroeër deur blankes opgelet, soos dan ook blyk uit die volgende aanhaling:

"The Tongas are said to be the only race in the world where the men and women speak different languages. How this arose no one pretends to know. They understand each other, of course, but the women keep to their own language and the men to theirs. One theory-what weight it has I do not know - is that at one time there was a fair amount of inter-marriage between Zulumen and Tonga women. That did not remove the contempt in which the Zulu held the Tonga, whom he regards as an immeasurable inferior race. Therefore the men used a language of their own to show their superiority".

('n Koerantuitknipsel - A Glimpse of Dark Africa. By Onlooker. Sublêer no.7/37/3, Distriksrekordboek, bl.71).

Die stamboom van die Tembe-stam is soos volg:

Mabudu

Makasana

Noziyingili Hluma Mvuba Makasanyana

Ngwanase Msongi

Mhlupheki

Mhlupheki is op 27 Oktober 1950 oorlede en is in 1950 deur Mzimba Tembe opgevolg. Mzimba is vandag die voorsitter van die Ingwavuma-streeksowerheid.

Woongebied: Die Tembe-stam bewoon hoofsaaklik die oostelike gedeelte van reservaat No. 14 wat ± 426,666 akker groot is. Hulle woongebied in die Republiek strek hoofsaaklik vanaf Orra Point suidwaarts tot by die bopunt van die Sibayi-meer, daarvandaan weswaarts tot by die oostelike grens van die Mosi-moeras en dan al langs hierdie oostelike grens noordwaarts tot by die Portugese grens.

I.2.2. Die Nyawo-stam.

Die skrywer maak die bewering dat hulle AmaLala is en beweer dat hierdie stam waarskynlik vanuit die noorde die Republiek binnegekom het.

Die stamme wat teen die Lebombo's woon, is 'n mengsel van Swazi's en Zoeloes en dié wat op die vlakte woon aan die voet van die berge, is hoofsaaklik Tongas.

Die stamboom van die Nyawo-stam is soos volg:

Dhlambula

Hlongaluvalo

Sambane

Mtshakela (oorl. 20.7.1936)

Mbabane Nyawo(aangestel op 1.II.1936)

I.2.3. Die Matenjwa-stam

Die Matenjwa-stam se hoofkraal is by Nyaweni, noord van die Ingwavumadistrik en wes van die Ndumo-polisiestatie.

Die stamlede wat op die berge woon, praat Swazi terwyl dié wat op die Kroongronde woon, AmaTonga is. Die Matenjwa-clan eet nie bokvleis nie.

Die stam se stamboom is soos volg:

Gamule

Mtshelekwana (oorl. in 1904)

Sibhamu (oorl. in 1923)

Shikishi (oorl. in 1923)


Mankenke.

I.2.4. Die Mngomezulu-stam.

Die Mngomezulu-stam se woonplek is by KwaNtunga
± 10 myl noord van Ingwavuma.

Die oorgrote meerderheid van hierdie stam se lede
is Swazi's wat êrens vanuit Noord-Swaziland kom.

Die Mngomezulu-stam se stamboom is soos volg:



Opmerking.

Ons wil ook net wys op die teenwoordigheid van
die MaKonde-stam wat ± 14 myl oos van Maputa by die groot
mere woon. Hulle taal, Konde, verskil blykbaar in sommige
opsigte heelwat van Songa. Aangesien die Departement van
Bantoetale van die P.U. vir C.H.O. egter nog besig is met
navorsing in verband met hierdie taal, kan ons nog niks
definitiefs in hierdie verband sê nie.


HOOFSTUK 2.

Die Fonetiek van Songa

2.0. In die bespreking van die fone en foneme van Songa en in die gevalle waar daar van fonetiese transkripsies gebruik gemaak sal word, sal die simbolestelsel van die I.P.A. gebruik word.

2.1. Die vokale.

Op die kardinale vokaalkaart, soos deur die I.P.A. opgestel, word die relatiewe posisies van die Songa-vokale, met behulp van kringetjies aangedui:



i : 'n hoë voorvokaal wat uitgespreek word met die lippe redelik gesprei. Die plek van vorming is laer as dié van die kardinale vokaal no.1

Voorbeelde van voorkoms:

kubika	: om te berig	(kubi:ka)
kudzima	: om te ploeg	(kudzi:ma)
lusiba	: veer	(lusi:ba)

e : 'n half-geslote voorvokaal wat effens laer, uitgespreek word as die kardinale vokaal no. 2. Die lippe is effens gesprei.

Voorbeelde van voorkoms:

tate	: my vader	(ta:te)
mame	: my moeder	(ma:me)
kubonile	: om te gesien het	(kuboni:le)

ɛ : 'n lae, half-oop voorvokaal wat uitgespreek word met die lippe effens gesprei. Die plek van vorming is effens laer as dié van die kardinale vokaal no.3.

Voorbeelde van voorkoms:

wene	: jy	(we:ne)
nkele	: gat	(nke:le)
ndlela	: pad	(nhe:la)

a : 'n lae, agtervokaal wat uitgespreek word met die lippe in 'n neutrale stand. Soos aangedui op die vokaalkaart, is dit duidelik dat die plek van vorming nader is aan dié van die kardinale vokaal no. 5 as aan no. 4.

Voorbeelde van voorkoms:

shipapa	: handpalm	(ʃipa:pa)
dzilala	: lalapalm	(dzila:la)
kuluma	: om te byt	(kulu:ma)

ɔ : 'n lae, half-oop agtervokaal wat uitgespreek word met die lippe taamlik gerond. Die plek van vorming in die mond, is effens laer as dié van die kardinale vokaal no.6

Voorbeelde van voorkoms:

wone	: hy/dit	(wɔ:ne)
kubona	: om te sien	(kubɔ:na)
kukota	: om ooreen te kom met	(kukɔ:ta)

o : 'n half-geslote agtervokaal wat uitgespreek word met die lippe redelik gerond. Die plek van vorming is effens laer as dié van die kardinale vokaal no. 7

Voorbeelde van voorkoms:

homo	: bees	(hɔ:mo)
nomo	: mond	(nɔ:mo)
makwabo	: sy/haar broer/suster	(makwa:bo)

u : 'n hoë, agtervokaal wat uitgespreek word met die lippe ten volle gerond. Die plek van vorming is laer as dié van die kardinale vokaal no. 8.

Voorbeelde van voorkoms:

nambu	: meer	(na:mbu)
busiku	: nag	(busi:ku)
kuluma	: om te byt	(kulu:ma)

2.2. Die semi-vokale .

w : 'n stemhebbende, velare, bilabiale semi-vokaal. Die lippe word ten volle gerond by die vorming hiervan.

Voorbeelde van voorkoms:

kuwa	: om te val	(ku:wa)
kuwela	: om oor 'n rivier te gaan	(kuwɛ:la)
kuboniwa	: om gesien te word	(kubɔ:niwa)

y : 'n stemhebbende, palatale semi-vokaal. Die lippe word gesprei by die vorming daarvan.

Voorbeelde van voorkoms:

kuyangula	: om te praat	(kuyangu:la)
kuyala	: om te weier	(kuya:la)
shibaya	: beeskraal	(šiba:ya)

2.3. Die konsonante.

2.3.1. Die eksplosiewe.

p : 'n radikale, stemlose, bilabiaale eksplosief.

Voorbeelde van voorkoms:

shipakani	: kat	(šipaka:ni)
shipapa	: handpalm	(šipa:pa)
dzikapulane	: doek deur vrouens gedra	(dzika ^{..} apula:ne)

ph : 'n geaspireerde, stemlose, bilabiaale eksplosief.

Voorbeelde van voorkoms:

kuphinda	: om te herhaal	(kuphi:nda)
kuphula	: om van die vuur te neem	(kuphu:la)
kuphakamisa	: om op te tel	(kuphakami:sa)

b : 'n stemhebbende, bilabiaale eksplosief.

Voorbeelde van voorkoms:

kuba	: om te slaan	(ku:ba)
nhaba	: berg	(nha:ba)

t' : 'n ejektiewe stemlose, alveolare, eksplosief.

Voorbeelde van voorkoms:

ngoti	: tou	(ngɔ:ti)
kutiba	: om te weet	(kufi:ba)
tate	: my vader	(ta:te)

d : 'n stemhebbende, velare eksplosief.

Voorbeelde van voorkoms:

mudondi	: leerling	(mudɔ:ndi)
kuda	: om te eet	(ku:da)
tanda	: eier	(ta:nda)

k : 'n radikale, stemlose, velare eksplosief.

Voorbeelde van voorkoms:

shikomo	: skoffelpik	(šikɔ:mo)
likambu	: tak	(lika:mbu)
kukota	: om te lyk na	(kukɔ:ta)

kh : 'n geaspireerde, stemlose, velare eksplosief.

Voorbeelde van voorkoms:

kukhinyela	: om gou te maak	(kukhine:la)
kukhumuka	: om terug te gaan	(kukhumu:ka)
shikulukhumbi	: reus.	(šikulukhu:mbi)

g : 'n stemhebbende, velare eksplosief.

Voorbeelde van voorkoms:

kugana	: om te trou	(kuga:na)
kuguga	: om oud te word	(kugu:ga)
kuyangula	: om te praat.	(kuyangu:la)

2.3.2. Die nasale

m : 'n stemhebbende, bilabiaale nasaal.

Voorbeelde van voorkoms:

kuyima	: om te staan	(kuyi:ma)
nsimu	: land	(nsi:mu)
kukuma	: om te vind	(kukũ:ma)

n : 'n stemhebbende, alveolare nasaal.

Voorbeelde van voorkoms:

kunhasika	: om te dink	(kunhasi:ka)
kubona	: om te dien	(kubɔ:na)
mufana	: seun	(mufa:na)

ɲ : 'n stemlose, prepalatale nasaal.

Voorbeelde van voorkoms:

nyosi	: by	(nɔ:si)
nyama	: vleis	(na:ma)
kunyangwisa	: om te soog	(kunaŋwi:sa)

ŋ : 'n stemhebbende, velare nasaal.

Voorbeelde van gebruik:

nkindo	: dadelpalm	(ŋki:ndɔ)
nganga	: dokter	(ŋga:ŋga)
yingwe	: luiperd	(yi:ŋgwɛ)

2.3.3. Die frikatiewe.

ɸ : 'n stemhebbende, bilabiale frikatief.

Voorbeelde van voorkoms:

ɸaɸasati	: vrouens	(ɸaɸ asa:tɪ)
liɸala	: vlakte	(liɸa:la)
kuloɸola	: om te lobola	(kuloɸala)

Hierdie frikatief word gebruik as vrye wisselvorm vir die bilabiale eksplosief b, daarom:

basati	of	ɸasati
babanuna	of	ɸabanuna
libala	of	liɸala

ʃ : 'n stemlose, alveolare "whistling fricative". Hierdie konsonant word ook onder andere in Shona aangetref. Dit word gevorm deur middel van die plasing van die tongpunt teen die agterkant van die alveolusrif. Die plek van vorming is dus verder terug na die palatum as die plek van vorming van die gewone stemlose, alveolare frikatief/s/. Waar die voortong gebruik word by die vorming van die stemlose, alveolare/s/, word die tongpunt gebruik by die vorming van hierdie stemlose, alveolare "whistling fricative".

Voorbeelde van voorkoms:

kuʃanda	: om lief te hê	(kuʃa:nda)
kuʃwala	: om te dra	(kuʃwa:la)
kuʃuma	: om te stuur	(kuʃu:ma)

ʒ : 'n stemlose, alveolare, gelabialiseerde "whistling fricative". Die wyse van vorming van hierdie konsonant

is identies ^{aan} ~~and~~ dié van/s/ behalwe dat daar in hierdie geval ook nog 'n lipronding bykom waar/s/ uitgespreek word met gesplete lippe.

Die volgende wat Doke sê oor hierdie twee konsonante in Shona, is ook van toepassing op Songa:

"In the formation of these fricatives, the tongue is not troughed as much as for s and z, but it is considerably flatter, and there is a much wider space between the forward tongue contacts. The position of the tongue-contacts, too, is considerably further back on the palate region, as a general rule, than is the case with s and z. These fricatives are therefore described as alveolar".

(C.M.Doke. A Comparative Study of Shona Phonetics, bl.87).

Voorbeelde van voorkoms:

kugeka	: om te kook	(kuzɛ:ka)
zilonda	: wond	(zilɔ:nda)
zaku	: dat	(za:ku)

f : 'n stemlose, denti-labiale frikatief.

Voorbeelde van voorkoms:

kufana	: om te lyk na	(kufa:na)
mfula	: rivier	(mfu:la)
dzifumu	: assegaai	(dzifu:mu)

s : 'n stemlose, alveolare frikatief.

Voorbeelde van voorkoms:

musi	: rook	(mu:si)
kusuka	: om weg te gaan	(kusu:ka)
hosi	: opperhoof	(ho:si)

z : 'n stemhebbende, alveolare frikatief.

Voorbeelde van voorkoms:

kuzingela	: om te jag	(kuzingɛ:la)
masizi	: pyn verdriet	(masi:zi)

bz: 'n stemhebbende, alveolare ^{af} frikatief ~~met 'n bilabiale begin~~.

Voorbeelde van voorkoms:

bzanyi	: gras	(bza:ni)
bzala	: bier	(bza:la)
nambzini	: in die meer	(nambzi:ni)

h : 'n stemlose, glottale frikatief.

Voorbeelde van voorkoms:

kuhonda	:	om verby te gaan	(kuhɔ:nda)
hosi	:	opperhoof	(hɔ:si)
hweti	:	maan	(hwɛ:t'i)

2.3.4. Die alveolare rolklank.

r : 'n stemhebbende, alveolare rolklank. Kom alleen voor in leenwoorde uit die Portugees en Afrikaans.

Voorbeelde van voorkoms:

peru	:	kalkoen = Port. peru	(pɛ:ru)
raranji	:	lemoen = Port. laranja	(rara:nɟi)
karitshi	:	karretjie = Afr. karretjie	(kari:tʃi)

tr : 'n stemlose, alveolare ^{affrikaat} ~~rolklank met 'n stemlose,~~
~~alveolare eksplosiewe begin.~~ Die bestaan van hierdie
foon is onbekend in die Bantoetale, daarom het
Meinhof die bestaan daarvan gepostuleer as 'n trap
in die ontwikkeling van t na r:

"The stages of development were probably thus
k = kh = x, t = th = *tr = r and p = ph = pf = f.
The fact that t is still cerebral in many
languages, such as Konde and the Mombasa
dialect of Swahili, makes it easier to
understand the development of t into r.
In the articulation of cerebral t one can as
a rule perceive a trace of friction, which
produces cerebral r, as in Venda, when the
closure is relaxed. This transition is indicated
by *tr, no known sound being pronounced that way."

(C. Meinhof - N.v. Warmelo, Bantu-Phonology, bladsy 29).

Voorbeelde van voorkoms:

kutrutruma	:	om te hardloop	(kutrutru:ma)
dzilitrumane	:	rooi klei	(dzilitruma:ne)
ntrongwane	:	kind	(ntrɔ:ɲwa:ne)

2.3.5. Die laterale.

l : 'n stemhebbende, alveolare lateraal.

Voorbeelde van voorkoms:

kukela	:	om te grawe	(kukɛ:la)
ndilo	:	vuur	(ndi:lo)
bumbilo	:	goedheid	(bumbɛ:lo)

ɬ : 'n stemlose laterale frikatief.

Voorbeelde van voorkoms:

kūhlaysa	:	om te bedoel, sê	(kuɬa:ya)
kuhleka	:	om te lag	(kuɬɛ:k a)
kulahla	:	om weg te gooi	(kula:ɬa)

2.3.6. Die prepalatale.

ʃ: 'n stemlose, prepalatale frikatief

Voorbeelde van voorkoms:

kushindla	:	om af te slag	(kuʃi:nɬa)
shihashi	:	wilde dier	(ʃiha:ʃi)
kushaba	:	om te koop	(kuʃa:ba)

2.3.7. Die affrikate.

tl : 'n stemlose, laterale affrikaat.

Voorbeelde van voorkoms:

kukantlatela	:	om te trap in	(kukantlat'ɛ:la)
dzitlatlela	:	vlerk	(dzitlatlɛ:la)
tlabi	:	wolk	(tla:bi)

tlh: 'n stemlose, geaspireerde, laterale affrikaat.

Voorbeelde van gebruik:

kutlhomela	:	om iets in te plant	(kutlhɔmɛ:la)
kutlhaba	:	om te steek	(kutlha:bə)
ntlhangano	:	vergadering	(ntlhanga:no)

ɬ: 'n stemhebbende, laterale affrikaat.

Voorbeelde van voorkoms:

mandla	:	krag	(ma:nɬa)
kudlaya	:	om dood te maak	(kuɬa:ya)
ndlela	:	pad	(nɬɛ:la)

tʃ: 'n stemlose, prepalatale affrikaat.

Voorbeelde van voorkoms:

kutshaba	:	om bang te wees	(kutʃa:ba)
kutshela	:	om water uit te gooi	(kutʃɛ:la)
ntshumo	:	niks	(ntʃu:mo)

tʃh: 'n stemlose "whistling", alveolare affrikaat.

Voorbeelde van voorkoms:

kutʃibela	:	om vuur te maak	(kutʃibɛ:la)
tʃunga	:	pot	(tʃu:ŋga)
nhlatʃu	:	luislang.	(nɛa:tʃu)

tʃh: 'n stemlose, geaspireerde, "whistling", alveolare affrikaat.

Voorbeelde van voorkoms:

kutʃhama	:	om te sit	(kutʃha:mɛ)
kutʃhema	:	om te kap	(kutʃhɛ:ma)

dʒ: 'n stemhebbende, gelabialiseerde, "whistling", alveolare affrikaat.

Voorbeelde van voorkoms:

wadʒi	:	patrys	(wa:dʒi)
mudʒi	:	liggaam	(mu:dʒi)

dz: 'n stemhebbende, alveolare affrikaat.

Voorbeelde van voorkoms:

kudzima	:	om te ploeg	(kudzi:ma)
kudzila	:	om te ween	(kudzi:la)
madzimi	:	leuens	(madzi:mi)

~~qf~~ 'n.stemlose, denti-labiale affrikaat.

Voorbeelde van gebruik:

kupfuka	: om wakker te word	(kupfu:ka)
yimpfu	: skaap	(yi:mpfu)
nhlampfi	: vis	(nla:mpfi)

2.3.8. Die suigklanke.

ʃ : 'n stemlose, dentale suigklank wat in Zoeloe deur /c/ aangedui word.

Voorbeelde van voorkoms.

kucija	: om skerp te maak	(kuʃi:ja)
licingu	: draad	(liʃi:ngu)
dzicibi	: waterpoel	(dziʃi:bi)

c : 'n stemlose, palato-alveolare suigklank wat in Zoeloe deur /q/ aangedui word.

Voorbeelde van voorkoms:

kuqoma	: om verloof te raak	(kuCɔ:ma)
kuqala	: om te begin	(kuCa:la)
kuqamuka	: om te verskyn	(kuCamu:ka)

gC : 'n stemhebbende, palato-alveolare suigklank wat in Zoeloe deur /gq/ aangedui word.

Voorbeeld van voorkoms:

kugqina	: om te eindig	(kugCi:na)
---------	----------------	------------

2.4. Konsonantkaart

	Bilabiaal	Denti-labiaal	Dentaal	Alveolaar	Palataal	Velaar	Glottaal	Lateraal	Pre-palataal	Palato-alveolaar	Met bilabiale begin	Met alveolare begin	Gelabialise r
Plosief	p ph			th t'		k kh							
Stemloos Geaspireerd Ejektief Stemhebbend				d		g							
Frikatief		f		s s'			h	hl	sh				z
Stemloos Stemhebbend	β			z									
Kontinuant								l					
Lateraal Nasaal	m			n n'	n	ɲ							
Stemloos Suigklank Stemhebbend			c							q gq			
Semi-vokale	w				y								
Rolklank				r									
Affrikatief	pf			ts tsh dz dz'				tl tlh	th				
Stemloos Geaspireerd Stemhebbend	bz							dl					

2.5. Die foneme van Songa.

Die foneme sal tussen skuinsstrepies geskrywe word.

2.5.1. Die vokale.

/1/: Hierdie vokaalfoneem kom voor in:

- a) die selfstandige naamwoordprefikse van klas 3 enkelvoud, klas 2 meervoud en klasse 4,5 en 6 enkel- en meervoud:

miti	: bome	(mi:t'i)
dzibze	: klip	(dzi:bzɛ)
shibaya	: beeskraal	(ʃiba:ya)
zibaya	: beeskrale	(ziba:ya)
yindlu	: huis hut	(yi:nɬu)
tiyindlu	: huise, hutte	(tiyi:nɬu)
libala	: vlakte, plein	(liba:la)
timbala	: vlaktes, pleine	(timba:la)

- b) werkwoorde:

kudzila	: om te ween	(kudzi:la)
kukina	: om te dans	(kuki:na)
kuhingenā	: om in te gaan	(kuhingɛ:na)

- c) die volgende suffiksmorfeme:

i. die kousatiewe -isa:

kubonisa	: om te laat sien	(kubɔni:sa)
kulumisa	: om te laat byt	(kulumi:sa)
kufambisa	: om te laat loop	(kufambi:sa)

ii. die passiewe -iwa

kuboniwa	: om gesien te word	(kubɔni:wa)
kubiwa	: om geslaan te word	(kubi:wa)
kudiwa	: om geëet te word	(kudi:wa)

iii. die intensiewe -isisa:

kujulisisa	: om noukeurig te soek	(kuzulisi:sa)
kubonisisa	: om duidelik te sien	(kubɔnisi:sa)
kukinisisa	: om met ywer te dans	(kukinisi:sa)

- d) die vraagwoordsuffiks -ni?

babonani?	: wat sien hulle?	(babɔna:ni)
ajulani?	: wat wil hy hê?	(aɟula:ni)

- e) die imperatiewe suffiksmorfeem -ni:

fambani!	: loop (julle)!	(famba:ni)
danani!	: eet (julle)!	(dana:ni)

- f) in bywoorde:

kusuhi	: naby	(kusu:hi)
fuɟi	: voorts, weer	(fu:ɟi)

/ɛne/: Die norm kom voor in

- i. selfstandige naamwoordstamme:

ndlela	: pad	(nɬɛ:la)
nenge	: been	(nɛ:nɛ) 15/....

- nkele : gat (nke:le)
- ii. werkwoorde:
- kuteka : om te neem, vat (kute:ka)
- kuhela : om te eindig (kuhe:la)
- kukela : om te grawe (kuke:la)
- iii. demonstratiewe voornaamwoorde:
- ledzi : hierdie, kl.3 enkv. (le:dzi)
- lelo : daardie, kl.7 enkv. (le:lo)
- leya : daardie, kl.5 enkv. (le:ya)
- iv. die geval van klas I(a) waar daar klinkersamesmelting plaasgevind het:
- makwesu: my/ons broer/suster (makwe:su)
- v. die applikatiewe werkwoordsuffiks:
- kufambela : om te besoek (kufambe:la)
- /a/ : Kom voor in:

1. selfstandige naamwoorde:
- shibaya : beeskraal (ʃiba:ya)
- nganga : dokter (nga:nga)
- ndlala : honger (nda:la)
- ii. werkwoorde:
- kufa o om te sterf (ku:fa)
- kuwa : om te val (ku:wa)
- kuhakaga : om te abba (kuhaka:sa)
- iii. selfstandige naamwoordprefikse:
- bafambi : reisigers, kl.1 meerv. (bafa:mbi)
- madzimi : leuens, kl.3 meerv. (madzi:mi)

13 ~ 01: Die norm kom voor in:

1. selfstandige naamwoorde:
- homo : bees (ho:mo)
- lihondo : horing (lihɔ:ndɔ)
- dziboko : arm (dzibɔ:kɔ)
- ii. werkwoorde:
- kuhona : om te sondig (kuhɔ:na)
- kuwosa : om te braai (kuwɔ:sa)
- kubona : om te sien (kubɔ:na)
- iii. absolute voornaamwoorde:
- dzone : hy, dit, kl.3 enkv. (dzɔ:nɛ)
- shone : hy dit, kl.4 enkv. (ʃɔ:nɛ)
- tone : hulle, dit kl.5 en 6 meerv. (t'ɔ:nɛ)
- iv. die tweede trap van die demonstratief:
- ledzo : daardie, kl.3 enkv. (le:dzɔ)
- leyo : daardie, kl.5 enkv. (le:yɔ)
- lebzo : daardie, kl.7 (le:bzɔ)
- v. die deverbatiwe suffiksmorfeem:
- shihono : sonde = kuhona (ʃihɔ:nɔ)
- shifambo : skoer = kufamba (ʃifa:mbɔ)
- shientsho : daad = kuyentsha (ʃi'e:ntʃɔ)

/u/ : Hierdie vokaalfoneem kom voor in:

i. selfstandige naamwoorde:

mhunu	: mens	(<u>m</u> hu:nu)
limbambu	: ribbebeen	(liba:mbu)
busiku	: nag	(busi:ku)

ii. werkwoorde:

kujula	: om te seek	(ku <u>j</u> u:la)
kupfuka	: om wakker te word	(ku <u>p</u> fu:ka)
kuluma	: om te byt	(kulu:ma)

iii. die volgende selfstandige naamwoordprefikse:

mu-:kl.1,2 enkv.,	mufana: seun	(mufa:na)
lu-:kl.6 enkv.	lusuku: dag	(lusu:ku)
bu-:kl.7 enkv.	busiku: nag	(busi:ku)
ku-:kl.8	kuyaka: om te bou	(kuya:ka)

iv. onderwerp- en voorwerpskakels:

mufana ubona nyosi: die seun ~~dien~~ die by
 musi ukula hahombe: die boom groei mooi.
 ndimubile: ek het hom geslaan.
 hiwukawulile: ons het hom(die boom)afgekap.

v. die rewersiewe suffiks -ula:

kupfula	: om oop te maak	(ku <u>p</u> fu:la)
kulandula	: om te ontken	(kulandu:la)
kulumula	: om te speen	(kulumu:la)

Die reëls vir die gebruik van /u/ en /o/ is die volgende:

I. Wanneer die loë voor- of agtervokale /i/ of /u/ resp. in die voorafgaande lettergreep gebruik word, word /u/ en /o/ gebruik:

ntshule	: stof	(nt <u>u</u> :le)
bamsume	: hulle het hom gestuur	(bam <u>u</u> :me)
nti <u>s</u> o	: werk	(nt'i:so)
bumbilo	: goedhartigheid	(bumbi:lo)
mine	: ek	(mi:ne)
hine	: ons	(hi:ne)
nine	: julle	(ni:ne)

2. Wanneer die stemhebbende, bilabiaale nasaal/m/ die vokale /ɛ/ en /ɔ/ onmiddellik voorafgaan, word /u/ en /o/ resp. gebruik:

mame	: my moeder	(ma:me)
homo	: bees	(h <u>o</u> :mo)
nomo	: mond	(n <u>o</u> :mo)
shikomo	: skoffelpik	(<u>ʃ</u> ik <u>o</u> :mo)

3. Wanneer die lae, agtervokaal /a/ in die voorafgaande lettergreep gebruik word, word /u/ en /o/ gebruik

makwabo	: sy, hulle broer/suster	(makwa:bo)
wato	: van hulle (die beste)	(wa:t'o)
kutswale	: om te gebaar het	(kutswa:le)
tate	: my vader	(ta:te)

2.5.2. Die semi-vokale

/w/: Wanneer hierdie semi-vokaal in woordstamme voorkom, bestaan daar geen twyfel nie oor die fonemiese selfstandigheid daarvan nie. Wanneer dit egter van /u/ afgelei is in bepaalde gevalle, besit dit geen fonemiese selfstandigheid nie. Dieselfde beginsel geld ook vir /y/.

J.A. Louw het dieselfde beginsel in verband met die semi-vokale in Zoeloe vasgestel:

"When the semi-vowels y and w are found in stems, or with certain other morphemes where they are not derived from i and u, there can be no doubt about their phoneme status"

(J.A. Louw, On the Segmental Phonemes of Zulu - Afrika und Übersee, Band XLVI. bladsy 53).

Wanneer die volgende minimale pare woorde ook vergelyk word, kan daar geen twyfel bestaan nie oor die fonemiese status van hierdie twee semi-vokale nie:

wene	: jy	(wɛ:nɛ)
yene	: hy, sy, dit	(yɛ:nɛ)
kuwa	: om te val	(ku:wa)
kuya	: om te gaan	(ku:ya)

/w/ word aangetref in:

i. selfstandige naamwoorde:

mukwa	: kapmes	(mu:kwa)
ngwinyi	: eienaar, besitter	(ŋwi:pi)

ii. werkwoorde:

kukawula	: om te kap	(kukawu:la)
kuhlantswa	: om te was	(kuɬa:ntswa)
kuwela	: om oor 'n rivier te gaan	(kuwɛ:la)

iii. die volgende demonstratiewe:

lweyo	: daardie, kl.2 enkv. (lwɛ:yɔ)
lwe	: hierdie, kl.1 enkv. (lwɛ)

iv. possessiefskakels:

wa-	: klasse I en 2 enkv. (wa-)
kwa-	: klas 8 (kwa-)

v. die kwantitatiewe voornaamwoordstam en passiefmorfeem:

hikwa-	: almal, alles	(hi:kwa-)
kuboniwa	: om gesien te word	(kubɔni:wa)

/y/ : Word aangetref in:

i. selfstandige naamwoorde:

kaya	: tuiste, plek	(ka:ya)
shibaya	: beeskraal	(ʃiba:ya)

ii. werkwoorde:

kubuya	: om terug te keer	(kubu:ya)
kuyandlela	: om op die grond te sit	(kuyanʒi:la)
kuhlaya	: om te sê	(kuʔa:ya)

iii. die volgende demonstratiewe:

lweya	: daardie, kl. 2 enkv. (lwɛ:yɔ)
lweya	: daardie, kl. 5 enkv. (lwɛ:ya)

iv. die selfstandige naamwoordprefiks van klas 5 enkv. en meerv. in die geval van enkel-lettergrepige selfstandige naamwoordstamme:

yindlu	: huis, hut	(yi:nʒu)
tiyingwe	: luiperds	(tiyi:ngwɛ)
yimpfu	: skaap	(yi:mɔfu)
tiyimpi	: oorloë	(tiyi:m pi)

/w/ en /y/ kan met die meesce konsonante verbind in welke geval die twee semi-vokale nie hulle fonemiese selfstandigheid verloor nie, daarom sal so 'n samebinding 'n foneem-verbinding wees en kan dit nie beskou word as 'n enkele foneem of selfs ook 'n samegestelde foneem nie.

J.A. Louw het dieselfde ook in Zoeloe gevind:

"The semi-vowels /y/ and /w/ can combine with most consonantal phonemes to form phoneme clusters, or sequences, and there is no reason for regarding a phoneme cluster of consonant and semivowel as a single phoneme, or even a compound phoneme".

(J.A. Louw, On the Segmental Phonemes of Zulu - Afrika und Übersee, Band XLVI, bladsy 55).

Voorbeelde van sulke kombinasies in Songa is die volgende:

mukwa	: kapmes	(mu:kwa)
ngwinyi	: eienaar, besitter	(ŋwi:pi)
kunyika	: om te gee	(kuni:ka)
kunyangwisa	: om te soog	(kupaŋwi:sa)

Daar kom egter gevalle voor waar hierdie twee semi-vokale alleen oorgangsklanke is, naamlik /u/ = 'w en /i/ = y, in welke gevalle hulle dus geen fonemiese waarde besit nie; hulle dien alleen

die doel van oorgangsklanke in die geval waar /u/ en /i/ in naasmekaarstelling met 'n ander vokaal kom.

w en y word in die volgende gevalle gebruik:

- i. waar die teenwoordige tydsmorfeem -a- gebruik word met 'n onderwerpskakel wat uit 'n vokaal bestaan:

mufana wafamba	:die seun loop = u + a = wa-
muqi wakula	:die boom groei = u + a = wa-
huku yada	: die hoender eet = i + a = ya-
miqi yakula	:die bome groei = i + a = ya-

- ii. waar die oorgangsklank y voorkom tussen die vokaal /u/ van die prefiks van klas 8 en 'n volgende /a/, /i/ of /ε/ en w voor 'n volgende /ɔ/

kuyaka	: om te bou (kuya:ka)
kuyentsha	: om te doen (kuyε:nt{a})
kuyima	: om te staan (kuyi:ma)
kuwosa	: om te braai (kuwɔ:sa)

- iii. waar die negatiewe morfeem a- gebruik word voor 'n onderwerpskakel wat 'n vokaal is, word die oorgangsklank w gebruik in die plek van /u/ en y in die plek van /i/:

wene awufambi	:jy loop nie
muqi awukuli	:die boom groei nie
huku ayidi	:die hoender eet nie

- iv. in die tweede- en derde trappe van die demonstratiewe voornaamwoorde:

Klas 1 enkv.	wansati	lwe	lweya	lweya
Klas 2 enkv.	muti	lo	lowa	lowa
meerv.	miti	le	leya	leya
Klas 3 meerv.	mawole	lawe	lawaya	lawaya
Klas 5 enkv.	yindlu	le	leya	leya

- v. In die deverbatiwewoorte muwosi en muyentshi.

2.5.3. Die konsonante.

2.5.3.I. Die eksplosiewe

/p/ : word aangetref in:

- i. selfstandige naamwoorde:

shikepe	:boot skip	({ike:pe})
shipapa	:handpalm	({ipa:pa})
shipakani	:kat	({ipaka:ni})

- ii. werkwoorde:

kupela	:om klaar te raak	(kupε:la)	20/.....
--------	-------------------	-----------	----------

iii. die volgende woorde na die stemhebbende,
bilabiaale nasaal /m/:

mpela	:regtig, waarlik	(mpɛ:la)
yimpi	:oorlog, impi	(yi:m̥pi)

/ph/ : Word aangetref in:

i. werkwoorde:

kuphula	:om van die vuur te neem	(kuphu:la)
kuphuluka	:om te baar	(kuphulu:ka)
kuphakamisa	:om op te lig	(kuphakami:sa)

/b/ : word aangetref in:

i. selfstandige naamwoorde:

nhaba	:berg	(nha:ba)
mbangu	:afstand	(mba:ngu)
dambu	:son	(da:mbu)

ii. werkwoorde:

kubila	:om te kook	(kubi:la)
kubika	:om te rapporteer	(kubi:ka)
kuba	:om te slaan	(ku:ba)

iii. die selfstandige naamwoordprefiks van klas y:

bushonga	:mooiheid	(buʃ:nga)
buhosi	:opperhoofskap	(buh:si)
bukulu	:grootheid	(buku:lu)

iv. die prefiks van klas I meervoud:

babasati	:vrouens	(babasa:t'i)
batrongwane	:kinders	(batronwa:ne)
batswali	:ouers	(batswa:li)

As fakultatiewe variant kan die stemhebbende,
bilabiaale frikatief /~β/ egter in sommige gevalle
gebruik word:

i. die selfstandige naamwoordprefiks van klas I
meervoud is ba-~ya-, baba-~yaya-:

babasati	(babasa:ti)	of	yayasati	(paβasa:ti)
babanuna	(babanu:na)	of	yayanuna	(paβanu:na)
bhanu	(bha:nu)	of	yhanu	(βha:nu)

ii. in selfstandige naamwoorde:

libala	: plein, vlakte	(liba:la)
liyala	: plein, vlakte	(liβa:la)

iii. in werkwoorde:

kulobola	:om te lobola	(kulɔbɔ:la)
kuloyola	:om te lobola	(kulɔpɔ:la)

iv. in adjektiewe:

-kubabisa	: seer, pynlik wees (kubabi:sa)
-kuyavisa	: seer, pynlik wees (kuyapi:sa)

/~β/ was blykbaar vroeër 'n selfstandige konsonantfoneem, maar het vandag tot so 'n mate sy funksie as selfstandige foneem verloor dat dit in alle gevalle vervangbaar is met die stemhebbende, bilabiaale eksplosief /b/.

/t'/ : kom voor in:

1. selfstandige naamwoorde:

tate	: my vader	(t'a:te)
nyeleti	: ster	(nɛlɛ:ti)
tiko	: land, landstreek	(ti:ko)

ii. werkwoorde:

kutiba	: om te weet, ken	(kut'i:ba)
kuteka	: om te neem, vat	(kut'ɛ:ka)
kutolobela	: om gewoond te wees	(kutɔlobɛ:la)

iii. die prefiks van klasse 5 en 6 meervoud:

timhisi	: hiënas	(timhi:si)
tinyori	: voëls	(tinɔ:ni)
timhondo	: horings	(timhɔ:ndɔ)

iv. die t oekomende tyd infiksmorfeem -ta- en die refleksiewe -ti-:

nditafamba	: ek sal loop	(nditafa:mba)
nditibona	: ek sien myself	(nditibɔ:na)

/d/: word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

dambu	: son	(da:mbu)
tanda	: eier	(t'a:nda)
mudondi	: leerling	(mudɔ:ndi)

ii. werkwoorde:

kulandela	: om te volg	(kuland ^ɛ ɛ:la)
kuda	: om te eet	(ku:da)
kudonda	: om te leer	(kudɔ:nda)

iii. die onderwerpskakel van klas I eerste persoon enkv.:

ndibona hahombe	: ek sien goed	(ndibɔ:na hahɔ:mbɛ)
ndanwa	: ek drink	(nda:nwa)

/k / : Word aangetref in :

1. selfstandige naamwoorde

huku	:hoender	(hu:ku)
kokwana	:grootouer	(kɔkwa:na)
nkunzi	:bul	(nku:nzi)

ii.werkwoorde:

kukanda	:om graan te stamp	(kuka:nda)
kukina	:om te dans	(kuki:na)
kukela	:om te grawe	(kukɛ:la)

iii.die prefiks van klas 8:

kubona	:om te sien	(kubɔ:na)
kuda	:om te eet	(ku:da)
kuyangu	:om te praat	(kuyangu:la)

iv. die lokatiewe prefiks ku-:

kutate	:na my vader	(kuta:te)
kuyene	:na hom	(kuyɛ:nɛ)

/kh/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

shikulukhumbi	: reus	(ʃikulukhu:mbi)
---------------	--------	-----------------

ii.werkwoorde:

kukhumuka	:om weg te gaan	(kukhumu:ka)
kukhinyela	:om gou te maak	(kukhinɛ:la)

iii.die possessiewe voornaamwoordstam vir die derde persoon, klas I enkelvoud en die volgende voegwoord:

-khe	:van hom, haar	(-khɛ)
khansi	:maar	(kha:nsi)

/g/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

dziguma	:kombuis	(dzigu:ma)
zimanga	:mielies	(zima:nga)

ii.werkwoorde:

kuguga	:om oud te word	(kugu:ga)
kugana	:om te trou	(kuga:na)

2.5.3.2. Die nasale

/m/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

nyama	: vleis	(na:ma)
homo	: bees	(hɔ:mo)
nsim u	: land	(<u>nsi</u> :mu)

ii. werkwoorde:

kukuma	: om te vind	(kuku:ma)
kupfumela	: om toe te stem	(kuɸfumɛ:la)
kufukumeta	: om toe te maak, bedek	(kufukumɛ:t'a)

iii. die voorwerpskakel van klas I, derde persoon enkelvoud:

ndimubonile	: ek het hom, haar gesien	(ndimubɔni:le)
ndambona	: ek sien hom, haar	(ndambɔ:na)

iv. die prefiks van klasse I enkv. 2 enkv. en meerv. en klas 3 meerv.:

mufana	: seun	(mufa:na)
muti	: stat	(mu:t'i)
minambu	: mere	(mina:mbu)
madzibze	: klippe	(madzi:bzɛ)

/n/ : Word aangetref in:

i. selfstandige naamwoorde:

wanuna	: man	(wanu:na)
ngwana	: kind	(ɲwa:na)
nkindo	: dadelpalm	(<u>ɲ</u> ki:ndɔ)

ii. werkwoorde:

kunhasika	: om te dink	(kunhasi:ka)
kukina	: om te dans	(kuki:na)
kulandela	: om te volg	(kulandɛ:la)

iii. absolute voornaamwoorde:

dzone	: hy, dit	(dzɔ:nɛ)
tone	: hulle, dit	(t'ɔ:nɛ)

iv. die volgende interjektief en werkwoordsuffiks:

shana	: sê tog	(ʃa:na)
ajulani?	: wat wil hy hê?	(aʒula:ni)

v. die diminutiewe- en resiprokale suffiksmorfeme:

yimbzana	: hondjie	(yim ba za:na)
kubonana	: om mekaar te sien	(kubɔna:na)

As gevolg van fonetiese assimilasie word die volgende foneem variante van /n/ aangetref:

i. /ɲ / : voor die vokaal selfstandige naamwoordstamme in die geval van die prefiks van klas 5 enkelv. en meerv.

nyeleti	: ster	(ɲɛlɛ:t'i)
nyosi	: by	(ɲɔ:si)
nyama	: vleis	(na:ma)

ii. /ŋ/ : Voor velare konsonante:

nganga	: dokter	(nga:nga)
yingwe	: luiperd	(yi:ngwe)
tinkambu	: takke	(tin̩ka:mbu)

iii. /m/ : voor /h/, /b/ en /p /:

mhisi	: hiëna	(mhi:si)
yimbza	: hond	(yi:mbza)
yimpi	: oorlog, impi	(yi:mpi)
timhondo	: horings	(tim̩hɔ:ndɔ)
timbala	: vlaktes	(tim̩ba:la)

2.5.3.3. Die frikatiewe.

/s/ : word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

musi	: boom	(mu:si)
sambu	: been	(sa:mbu)
sasatana	: tante	(sasata:na)
makwesu	: my, ons broer	(makwe:su)

ii. werkwoorde:

kuşanda	: om lief te hê	(kuşa:nda)
kukhaşala	: om moeg te wees	(kukhaşa:la)
kuşunga	: om naaldwerk te doen	(kuşu:nga)
kukoşama	: om te buk	(kukoşa:ma)
kuşwala	: om te dra	(kuşwa:la)

iii. bywoorde:

fuşi	: voorts, weer	(fu:şi)
------	----------------	---------

/z/ : Word aangetref in:

1. die prefiks van klas 4 meervoud:

zilembe	: hoede	(zilɛ:mbɛ)
zilonda	: wonde	(zilɔ:nda)
zifambo	: skoene	(zifa:mbo)

ii. die volgende werkwoord:

kuzeka	: om te kook	(kuzɛ:ka)
--------	--------------	-----------

iii. die volgende verskillende woordsoorte:

zozozo	: so	(zɔzɔ:zɔ)
zaku	: dat	(za:ku)
zozu	: nou	(zɔ:zi)
zinene	: goed	(zinɛ:nɛ)

/f/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

dzifumu	: assegaai	(dzifu:mu)
mfula	: rivier	(mfu:la)
mafusa	: vet, olie	(mafu:sa)

11. werkwoorde:

kufuya	: om vee te besit	(kufu:ya)
kufumala	: om warm te word	(kufuma:la)
kufamba	: om te loop	(kufa:mba)

/s/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

nsisi	:haar	(<u>n</u> si:si)
hosi	:opperhoof	(h <u>s</u> :si)
mhisi	:hiëna	(<u>m</u> hi:si)

ii.werkwoorde:

kusala	:om agter te bly	(kusa:la)
kusula	:om af te vee	(kusu:la)
kusuka	:om weg te gaan	(kusu:ka)

iii.die werkwoord suffikse -isa en -isisa:

kunwisa	:om te laat drink	(kunwi:sa)
kujulisisa	:om naorstigtelik te soek	(kujulisi:sa)

/z/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

masizi	:pyn, verdriet	(masi:zi)
dzikherane	:bosluis	(dzikh <u>z</u> za:n <u>z</u>)

ii.werkwoorde:

kuzingela	:om te jag	(kuzing <u>z</u> :la)
kupheza	:om te steel	(kuph <u>z</u> :za)

iii. die konsonantverbindings bz en dz:

yimbza	:hond	(yi:mb <u>z</u> a)
bzanyi	:gras	(b <u>z</u> a:n <u>z</u> i)
kudzuma	:om te dreun	(kudzu:ma)
kudzima	:om te ploeg	(kudzi:ma)

/h/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

hweti	: maan	(hw <u>h</u> :t <u>h</u> i)
lihondo	: horing	(lih <u>h</u> :nd <u>h</u>)
hosi	: opperhoof	(h <u>h</u> :si)

ii. werkwoorde:

kuhaha	:om te vlieg	(kuha:ha)
kuhemba	:om leuens te vertel	(kuh <u>h</u> :mba)
kuhonda	:om verby te gaan	(kuh <u>h</u> :nda)

2.5.3.4. Die alveolare rolklank.

/r/ : Kom alleen in die volgende leenwoorde voor:

i selfstandige naamwoorde:

peru	:kalkoen = Port.peru	(p <u>r</u> :ru)
raranji	:lemoen=Port.laranja	(rara:n <u>r</u> i)
karitshi	:karretjie=Afr.karretjie	(kari:t <u>r</u> i)

/tr/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

dzilitrumane	:rooi klei	(dzilitruma:ne)
ntrongwane	:kind	(ntrɔŋwa:ne)
ntrunga	:heuvel, berg	(ntru:nga)
shitranga	:graanskuur	(sitra:nga)

ii. werkwoorde:

kutrutruma	:om te hardloop	(kutrutru:ma)
------------	-----------------	---------------

iii. adjektiewe:

-ntrongo	:klein	(-ntrɔ:ngɔ)
----------	--------	-------------

2.5.3.5. Die laterale.

/l/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

ndilo	:vuur	(ndi:lo)
wole	:wolk	(wɔ:lɛ)
sole	:kalf	(sɔ:lɛ)

ii. werkwoorde:

kuyingela	:om te hoor	(kuyingɛ:la)
kulangusa	:om te kyk, staar	(kulangu:sa)
kutswala	:om te baar	(kutswa:la)

iii. die werkwoord suffikse -ela en -akala:

kufambela	:om te besoek	(kufambɛ:la)
kubonakala	:om duidelik te wees	(kubɔnaka:la)

iv. absolute naamwoord vir klas 6 enkelv.

lone	:dit	(lɔ:nɛ)
------	------	---------

v. demonstratiewe voornaamwoorde:

laba	:hierdie	(la:ba)
loli	:hierdie einste	(lɔ:li)

/t/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

nhlampfi	:vis	(nɬa:mɔfi)
nhlanga	:riet	(nɬa:nga)
nhlana	:rug.	(nɬa:na)

ii. werkwoorde:

kuhlaya	:om te bedoel, sê	(kula:ya)
kuhleka	:om te lag	(kula:ka)
kulahla	:om weg te gooi	(kula:la)

2.5.3.6. Die prepalatale.

/ʃ/ : Word aangetref in:

1. selfstandige naamwoorde:

shumushweni	:vroeg in die oggend	(ʃumuʃwe:ni)
shihashi	:wilde dier	(ʃiha:ʃi)
hanshi	:perd	(ha:nʃi)

ii. werkwoorde:

kudlubusheka	:om terug te gaan	(kuluʃuʃɛ:ka)
--------------	-------------------	---------------

kushindla :om af te slag (ku^hi:n^hba)
Wanneer enige ander vokaal as -o / -u op b volg, vind daar geen klankverandering plaas nie :

ndlebe	=	ndlebana	: oortjie
--------	---	----------	-----------

Reël 4 :

Wanneer die uitgangsvokaal van die selfstandige naamwoord 'n -o / -u is, word -wana gesuffigeer (die gevalle onder reëls 1, 2 en 3 uitgesluit):

huku	=	hukwana	: hoendertjie
yindlu	=	yindlwana	: huisie, hutjie
nhloko	=	nhlokwana	: hofie
litiho	=	litihwana	: vingertjie
tilo	=	tilwana	: hemeltjie
ntiso	=	ntiswana	: werkie

Reël 5

Wanneer die laaste lettergreep van die selfstandige naamwoord -ndo is, word -nd = -ndz of bly onveranderd:

lihondo = lihondzwana /lihondwana : horingkie
 shilonda= shilondzwana/shilondwana : wondjie
 nkindo = nkindzwana/nkindwana : dadelpalmpie
 nsindo = nsindzwana/nsindwana : gerasie

Informant Tembe het die volgende verkleinwoord aan my gegee wat blykbaar 'n uitsondering is wat uit Zoeloe ontleen is:

gole : kalf = godlana/golana : kalfie

5.3.1.2. Die suffiks -nyana word sonder enige klankveranderinge gebruik om 'n sterker graad van verkleining aan te dui:

yimbzanyana : 'n baie klein hondjie
 hukunyana : 'n baie klein hoendertjie
 mufananyana : 'n baie klein seuntjie
 nambunyana : 'n baie klein meertjie
 homonyana : 'n baie klein besie

5.3.1.3. Die suffiks -anyana dui nog 'n verdere trap van verkleining aan:

yimbzanyana : sommer 'n baie klein hondjie
 hukwanyana : sommer 'n baie klein hoendertjie

5.3.1.4. Die gebruik van die prefiks shi- :

Soos reeds gemeld by die bespreking van klas 4, word die prefiks shi- (B.ki-) ook gebruik om diminutiewe van selfstandige naamwoorde te vorm. Hierdie prefiks het egter altyd in Songa, net soos in Tsonga, ook nog die hulp van die diminutiewe suffiks -ana nodig en kan nie meer selfstandig, soos in Venda en Shona, as diminutiewe prefiks gebruik word nie. Ons kan dus beweer dat hierdie funksie van shi- stadig besig is om in onbruik te raak.

In Kongo word verkleinwoorde nog met hierdie klasprefiks gevorm:

"Im Kongo werden Deminutiva nach dieser Klasse gebildet, indem man den stamm verdoppelt, z.B.
 ki-tuti -tuti : "kleine Wolke von tuti 5 "Wolke",
 ki-yata -yata "kleines Dorf" von yata 5 "Dorf",
 ki-disu-disu "kleines Auge" von disu 5 "Auge"

(C. Meinhof, Grundzüge einer vergleichenden Grammatik der Bantusprachen, bl. 41)

B. klas 7, nl. ki- word ook in Swahili met 'n diminutiewe funksie aangewend.

In Venda word hierdie klasprefiks ook nog aktief as diminutiefsuffiks gebruik:

"This is a very miscellaneous class (nl. die tshi-~~zvi~~- klas) including languages; cultures; customs of tribes, or races or groups of people; diminutives (which with persons usually implies smallness and shortness) e.g.

tshi^{tu}~~shu~~ : contemptible little hut zwi^{du}du

tshitukana: small and short boy zwitukana".

(D. Ziervogel en R.S. Dau, Handbook of the Venda language, bl.89).

In Shona korrespondeer die svi- u- klas met shi- zi- klas van Songa svi- word ook in Shona met 'n diminutiewe funksie aangewend:

"This is also a class signifying something small, and also thin often used to express contempt."

(S.K. Jackson, Shona Lessons, bl. 54).

Jackson gee dan die volgende voorbeelde ter illustrering van sy bewering:

"Ndaona svinyoka svitete: I saw a thin little snake.

Hasv^uirumi isvo svinyoka, asi ndaka

- sviuraya : It does not bite, the little snake, but I killed it".

(S.K. Jackson, aangehaalde werk, bl.54).

C.S. Louw sê die volgende van die chi- zi- klas van Chi^uKaranga:

"Most names of diminutives belong to the chi- class, and are formed either by changing the original class prefix into chi-, or by prefixing chi- to the whole word, e.g. musero: flat basket makes the diminutive chisero; munu; person: chimunu"

(C.S. Louw, A Manuel of the ChiKaranga Language, bl.9).

Hierdie funksie was ook vroër deur die prefiks se- in Tswana verrig, soos uit die volgende argaïstiese woorde wat plantname is, blyk:

Moretologa	:Ximenia caffra	Willd.
Seretologane	:Ximenia americana	Linn.
Mmabi	:Urer ^u atenax	N.E. Brown
Sebabetsane	:Tragia rupestris	Sond.

Ngôgô	: Euphorbia ingens	E. Mey.
Segôgwane	: Stapelia nobilis	N.E. Brown
Mokgalo	: Ziziphus mucronata	Willd.
Sekgalo-fatse	: Ziziphus zeyheriana	Sond.

Se- verrig die diminutiewe funksie dus in hierdie gevalle ook nie alleen nie, maar het die hulp van die diminutiewe suffiks -ane nodig en in die laaste geval die woord -fatse.

Met verdere navorsing in hierdie verband kan daar dalk meer sulke voorbeelde gevind word.

P.J. Coertze het die gebruike van die selfstandige naamwoordprefiks se- van Tswana, nagevors en ook getabuleer, maar was blykbaar nie bewus van hierdie, nou reeds uitgestorwe funksie, van se- nie. In hierdie verband kan die volgende artikel geraadpleeg word: P.J. Coertze, Die Betekenis en Funksie van die Voorvoegsel van die sewende klas van selfstandige naamwoorde in die Sotho Tswana Groep van Bantoetale-Bantu Studies, Vol.X, 1936.

Hierdie prefiks word ook met 'n kleinerende en derogatiewe funksie aangewend:

shinuna : 'n onbeduidende, veragtelike man

shiwansati : 'n veragtelike vrou

shihosi : 'n nikswerd opperhoof

Voorbeelde van gebruik van shi- met diminutiewe funksie, is die volgende:

shiyimbzana : hondjie = ziyimbzana

shihukwana : hoendertjie = zihukwana

shitiyimpfana : skapie = zitiyimpfana

shidzibzana : klippie = zimadzibzana

Hierdie selfde selfstandige naamwoordklas word in Tsonga ook met ougmentatiewe betekenis aangewend. Vergelyk die volgende : E.B. van Wyk, An Augmentative Noun Class in Tsonga - African Studies, Vol.16, 1957.

5.3.2. Die lokatief.

Reël 1

Wanneer die uitgangsvokaal van die selfstandige naamwoord in -a of -e is, suffigee -eni:

shibaya : shibayeni : in die kraal

lihlanga : lihlangeni : in die riet

ndlebe : ndlebeni : in die oor

nenge : nengeni : op die been

nkele : nkeleni : in die gat

Reël 2.

Wanneer die uitgangsvokaal van die selfstandige naamwoord 'n -i is of die laaste lettergreep -pfu is, suffigeer -ini:

hosi	= hosini	: by die opperhoof
yimpi	= ympini	: in die oorlog
mhis	= mhisini	: by die hiëna
nhlampfi	= nhlampfiini	: by die vis
shilepfu	= shilepfini	: in die baard
ndlopfu	= ndlopfini	: by die olifant
yimpfu	= ympfni	: by die skaap.

Reël 3.

Suffigeer -wini wanneer die selfstandige naamwoord se uitgangsvokaal 'n -u is, uitgesonderd die gevalle wat onder reëls 4 en 5 behandel word en wanneer die uitgangslettergreep -pfu is:

busiku	= busikwini	: in die nag
huku	= hukwini	: by die hoender
mbangu	= mbangwini	: op die plek

Reël 4.

Wanneer die selfstandige naamwoord -mo/ -mu as uitgangslettergreep het, vind daar labialisering met 'n velare konsonant as resultaat plaas wanneer -weni / -wini respektiewelik gesuffigeer word:

nomo	= nongweni	: in die mond
homo	= hongweni	: by die bees
shikomo	= shikongweni	: by die skoffelpik
nsimu	= nsingwini	: in die land
ntamu	= ntangwini	: in die krag
dzifumu	= dzifungwini	: op die assegaai

In al die ander gevalle waar die konsonant wat die vokale -o / -u voorafgaan, nie 'n m is nie, word -weni / -wini gesuffigeer:

ndilo	= ndilweni	: in die vuur
nhloko	= nhlokweni	: op die hoof
dziboko	= dzibokweni	: op die arm
dzitihlo	= dzitihlweni	: in die oog
busiku	= busikwini	: in die nag

Vergelyk verder reël 3.

Reël 5

Wanneer die uitgangslettergreep van die selfstandige naamwoord -bo / -bu is, vind labialisering met 'n alveolare konsonant as resultaat plaas wanneer -weni / -wini gesuffigeer word :

shifambo	= shifambzeni	: in die skoën
nhlobo	= nhlobzeni	: in die fontein

hubo	= hubzeni	: in die lied
mombo	= mombzeni	: in die gesig
mpfubu	= mpfubzini	: by die seekoei
likambu	= likambzini	: op die tak
nambu	= nambzini	: in die meer
habu	= habzini	: by die aap

5.3.2.1. Daar word ook algemeen gebruik gemaak van die lokatiewe prefiks e- tesame met die lokatiewe suffikse. Dus kan al die voorbeelde in 5.3.2. gegee, ook met die lokatiewe prefiks e- gebruik word:

eshibayeni	: in die kraal
ehosini	: by die opperhoof
ebusikwini	: in die nag
eshilepini	: in die baard
enongweni	: in die mond
enambzini	: in die weer

In die tekste is daar ook heelwat voorbeelde van die lokatiefvorming met behulp van die prefiks e- tesame met die -suffikse, daarom haal ons net die volgende twee voorbeelde uit teks nommer 1, nl.

"Ahuku",aan: "Bakunhasika, bakela nkele endleleni la afambaku hakone ": hulle het gedink en 'n vanggat in die pad waarmee sy loop, gegrawe.

"Atlhasiki busikwini afambaku fusi aya kukone ensingwini ekuyibeni" : sy het toe weer in die nag na die land gegaan waar sy steel.

5.3.2.2. Die lokatief van selfstandige naamwoorde van klas 1(a) word gevorm met behulp van die lokatiewe prefiks ku- (B. ku-, klas 17): kutate: by, na my vader = kubotate; kumame: by, na my moeder = kubomame; kuqase: by, na my tante = kubosase; kukokwana: by, na my grootouer = kubokokwana; kuTembe : by, na Tembe
kuAmos : by, na Amos

Wanneer lokatiewe van selfstandige naamwoorde van klas 1 gevorm word, geld die gewone reëls van lokatiefvorming, of ku- word gebruik:

wansati	wansatini/kuwansati: by die vrou
babasati	babasatini/kubabasati: by die vrouens
wanuna	wanuneni/kuwanuna: by die man
babanuna	babanuneni/kubabanuna: by die mans
ntrongwana	ntrongwaneni/kuntrongwana :by die kind
batrongwana	batrongwaneni/kubatrongwana: by die kinders.

Opmerking:

Die lokatiewe prefiks e- kan natuurlik ook gebruik word tesame met die lokatiewe suffikse:

ewansatini, ebabanuneni, ens.

5.3.2.3. Die lokatiewe prefiks ka- word met die verwantskapsterme gebruik met die betekenis van "plek van":

kamalume	: by my oom se stat, plek
kakokwana	: by my grootouer se stat, plek
kamakwabo	: by my broer/suster se stat, plek.

5.3.2.4. Die lok. van die demon. vnwe.vgl. 6.2.3

5.3.2.5 Die lok. van die kwant. vnwe.vgl. 6.6.6

5.3.2.6. Die lok. van die abs. vnwe. vgl. 6.1.3.

HOOFSTUK 6.

6.0. Die voornaamwoord.

6.1. Die absolute voornaamwoord.

Die gemeenskaplike absolute voornaamwoordstam is -one behalwe in die geval van die eerste persoon enkel- en meervoud asook die tweede persoon meervoud wat -ine is en die tweede- en derde persone klas I enkelvoud wat -ene is.

6.1.1. Tabel van absolute voornaamwoorde.

1ste pers.	mine	hine
2de pers.	wene	nine
Klas I: mu- ba-:	yene	bone
Klas 2: mu- mi-:	wone	yone
Klas 3: dzi- ma-:	dzone	wone
Klas 4: shi- zi-:	shone	zone
Klas 5: yi(N)- ti(N)-:	yone	tone
Klas 6: lu-/li- ti(N)-:	lone	tone
Klas 7: bu- ma-:	bzone	wone
Klas 8: ku-:	kone	
B.klas 17 ku-:	kone (khone)	

6.1.2. As wisselvorm vir die absolute voornaamwoordstam op -ne word ook dikwels gebruik gemaak van 'n stam op -na:

Iste pers.	mina	hina
2de pers.	wena	nina
Klas I: mu- ba-:	yena	bona
Klas 2: mu- mi-:	wona	yona
Klas 3: dzi- ma-:	dzona	wona, ens.

6.1.3. Die lokatief van die absolute voornaamwoord word met behulp van die lokatiewe prefiks ku- gevorm:

Iste persoon	kumine	kuhine
2de persoon	kuwene	kunine
Klas I: mu- ba-:	kuyene	kubone
Klas 2: mu- mi-:	kuwone	kuyone
Klas 3: dzi- ma-:	kudzone	kuwone, ens.

Voorbeelde van gebruik van die absolute voornaamwoorde:

Mine ndijula kunwa bzone: ek wil dit (die bier) drink,
Hine hifuya tihomo letinyingi, khansi bone bafuya
tihuku ntse: ons besit baie beeste, maar hulle besit
net hoenders.

Yene ajula kutshama kumine: hy wil by my sit.

Nishabe tihuku tenu kushone (shikshosana) : julle het
julle hoenders by die ou vrou gekoop.

6.2. Die possessiewe voornaamwoordstamme.

Iste persoon	-nga	-igu
2de persoon	-ku	-inu

Klas 1: mu- ba-:	-khe	-bo
Klas 2: mu- mi-	-wo	-yo
klas 3: dzi- ma-	-dzo	-wo
Klas 4: shi- zi-:	-sho	-zo
Klas 5: yi(N)- ti(N)-:	yo	-to
Klas 6: lu-/li- ti(N)-:	-lo	-to
Klas 7: bu- ma-:	-bzo	-wo
Klas 8: ku- --	-ko/-kho	-

Voorbeelde van gebruik.

Tihomo tanga tida bzanyi nhabeni: my beeste vreet gras op die berg.

Lisiba layo (huku) lishongile: die veer van die hoender is mooi.

Bitto dzakhe dzaliKwenzani: sy naam was Kwenzani gewees.

Babasati bajula batrongwane babo: die vrouens soek hulle kinders.

6.3. Die demonstratiewe voornaamwoord.

Daar bestaan in Songa alleen drie trappe en nie vyf nie soos in Ronga.

In verband met die onderskeid tussen die tweede- en derde trappe wat foneties identies is, is die enigste onderskeid die hoog-laag dalende toneem op die derde trap se uitgangslettergreep.

'n Wisselvorm met 'n uitgangs -o word soms met die tweede trap aangetref, byvoorbeeld labo i.p.v. labaya.

6.3.1. Tabel van demonstratiewe voornaamwoorde.

Klas I :	mu- :	lwe	lweya	lweya
	ba- :	laba	labaya	labaya
Klas 2:	mu- :	lo	lowa	lowa
	mi- :	le	leya	leya
Klas 3:	dzi- :	ledzi	ledziya	ledziya
	ma- :	lawa	lawaya	lawaya
Klas 4:	shi- :	leshi	leshiya	leshiya
	zi- :	lezi	leziya	leziya
Klas 5:	yi(N)-:	le	leya	leya
	ti(N)-:	leti	letiya	letiya
Klas 6:	lu-/li-:	lolu/leli	loluya/leliya	loluya/leliya
	ti(N)-:	leti	letiya	letiya
Klas7 :	bu- :	lebzi	lebziya	lebziya
	ma- :	lawa	lawaya	lawaya
Klas 8:	ku- :	loku	lokuya	lokuya
B.klas 16:	ha- :	laha	lahaya	lahaya
B.klas 17:	ku- :	loku	lokuya	lokuya
B.klas 18:	mu- :	lomu	-	-

6.3.2. Voorbeelde van gebruik.

Letitihomo tijula kunwa mati nhlobzeni: hierdie beeste wil in die fontein water drink.

Hijula kudlaya tihuku letiya hikwato: ons wil al daardie hoenders doodmaak.

Ntrongwane lwe akanabatswali, bafile: hierdie kind het nie ouers nie, omdat hulle oorlede is.

Yingwe leya, itaheta tihomo tanga: daardie luiperd sal al my beeste doodmaak.

6.4. Die emfatiese demonstratief.

Junod het 'n soortgelyke demonstratief in Shangaan beskrywe (vgl. H.A. Junod, Elementary Grammar of the Thonga-Shangaan Language, bladsy 30) en volgens mededeling van J.A. Louw van die Universiteit van Suid-Afrika, bestaan daar in Tsonga ook sulke soortgelyke demonstratiewe.

Die betekenis wat in Songa deur hierdie demonstratiewe weergegee word, is "hierdie einste....., daardie einste....., ens."

6.4.1. Tabel van emfatiese demonstratiewe

Klas 1: mu-	:	yolweyi	yolweyo	yolweya
ba-	:	bolaba	bolabo	bolabaya
Klas 2: mu-	:	wolowu	wolowo	wolowuya
mi-	:	yoleyi	yoleyo	yoleya
Klas 3: dzi-	:	dzoledzi	dzoledzo	dzoledziya
ma-	:	wolawa	wolawo	walowaya
Klas 4: shi-	:	sholeshi	sholesho	sholeshiya
zi-	:	zolezi	zolezo	zoleziya
Klas 5: yi(N)-	:	yeleyi	yoleyo	yoleyiya
ti(N)-	:	toleti	toleto	toletiya
Klas 6: lu-/li-	:	lololi/loleli lololo/lolelo loluya/loleliya		
ti(N)-	:	toleti	toleto	toletiya
Klas 7: bu-	:	bzolebzi	bzolebzo	bzolebziya
ma-	:	wolawa	wolawo	wolawaya
Klas 8: ku-	:	koloku	koloko	kolokuya

Soos uit die tabel blyk ondergaan die uitgangslattergreep van die absolute voornaamwoord elisie en die eerste trap van die demonstratiewe voornaamwoord word dan in die plek daarvan gesuffigeer. 'n Uitsondering word egter in die geval van klas I enkelvoud aangetref waar dit yo-in plaas van ye- is.

6.4.2. Die tweede trap het vir al die klasse 'n wisselvorm met -ya:

Klas I mu-	: yolweyi	yolweya	yolweya
ba-	: bolaba	bolabaya	bolabaya
Klas 2:mu-	: wolowu	wolowuya	wolowuya
Klas 3:dzi-	: dzoledzi	dzoledziya	dzoledziya
ma-	: wolawa	wolawaya	wolawaya, ens.

6.4.3. Hierdie emfatiese demonstratief het egter ook nog 'n verkorte vorm wat daaruit bestaan dat die middelste lettergreep van die demonstratief, naamlik -la-, -le- en -lo-, elisie ondergaan:

Klas I: mu-	: ^h yoyi	^h yoyo	----
ba-	: ^h baba	^h babo	^h babaya
Klas 2: mu-	: ^h wowu	^h wowo	^h wowuya
mi-	: ^h yoyi	^h yoyo	^h yoyiya
Klas 3: dzi-	: ^h dzodzi	^h dzodzo	^h dzodziya
ma-	: ^h wawa	^h wawo	^h wawaya
Klas 4: shi-	: ^h shoshi	^h shosho	^h shoshiya
zi-	: zozzi	zozo	zozziya
Klas 5: yi(N)-	: ^h yoyi	^h yoyo	^h yoyiya
ti(N)-	: toti	toto	totiya
Klas 6: lu-/li-	: loli	lolo	loliya
ti(N)-	: toti	toto	totiya
Klas 7: bu-	: bzobzi	bzobzo	bzobziya
ma-	: ^h wawa	^h wawo	^h wawaya
Klas 8: ku-	: ^h koku	^h koko	^h kokuya

Volgens informant Solomon Tembe is alleen die emfatiese demonstratiewe wat sonder die asterisk is, in Songa moontlik, daarom het ons die ander klasse se emfatiese demonstratiewe gepostuleer en met 'n asterisk aangedui. Die postulering is gedoen na analogie van gegewens deur^{de} J.A. Louw van die Universiteit van Suid-Afrika aan my gegee, oor die wyse waarop 'n soortgelyke verkorting in Tsonga geskied.

Volgens Solomon Tembe word die volgende wisselvorme vir die tweede trap ook gebruik:

shipakani shoshosho	:daardie einste kat
zipakani zozozo	:daardie einste katte
tihuku tototo	:daardie einste hoenders
lisiba lololo	:daardie einste veer
bzanyi bzobzobzo	:daardie einste gras

Op 'n vraag of "huku yoyoyo" ook moontlik is, het hy beweer dat dit absoluut onmoontlik is.

6.5. Die lokatief van die gewone- en emfatiese demonstratiewe.

Die lokatief van hierdie twee tipes demonstratiewe word ook met behulp van die prefigering van die lokatiewe prefiks ku- gevorm:

kulweyawansati	: by daardie vrou
kuletitihomo	: by hierdie beeste
kudzoledzitiko	: in hierdie einste landstreek
kuleyahuku	: by daardie hoender

6.5.1. Voorbeelde van gebruik.

"Ahiyoleyo kangwanya washipholwa na?": is dit nie daardie einste een daar op die bo-punt van die dak nie? (uit die teks "Ahuku").

Yimbza ilume timbuti tototo atolo: die hond het juis daardie einste bokke gister gebyt.

Tihuku totiya atidi bzanyi lebzi:doerdie einste hoenders eet nie hierdie gras nie.

Timbuti tida kubzobzobzo: die bokke vreet juis hier by hierdie gras spesifiek.

6.6. Die kwantitatiewe voornaamwoord.

Die stam hikwa- geprefigeer aan 'n possessiewe voornaamwoordstam, gee die betekenis weer van "almal, alles".

6.6.I. Tabel van die kwantitatiewe voornaamwoordstam.

Iste pers.	: hikwegu	: ons almal
2de pers.	: hikwenu	: julle almal
Klas 1: mu- ba-	: hikwabo	: hulle almal
Klas 2: mu- mi-	: hikwayo	: hulle, dit almal
Klas 3: dzi- ma-	: hikwawo	: hulle, dit almal
Klas 4: shi- zi-	: hikwazo	: hulle, dit almal
Klas 5: yi(N)- ti(N)-	: hikwato	: hulle, dit almal
Klas 6: lu-/li-ti(N)-	: hikwato	: hulle, dit almal
Klas 7: bu-	: hikwabzo	: dit alles
ma-	: hikwawo	: dit alles
Klas 8: ku-	: hikwako	: dit alles
B.klas 17: ku-	: hikwako	: orals

6.6.I.I. Voorbeelde van gebruik.

Mine ndifuya letitihomo hikwato: ek besit al hierdie beeste.

Hikwabo-bhanu labaya banwa mati nambzini: al daardie mense drink in die meer water.

Nitabuya nina hikwenu na?: sal julle almal terugkeer?
Hikwazo zibonakala: alles is duidelik.

6.6.2. Alhoewel hierdie kwantitatiewe voornaamwoord nie dikwels in die enkelvoud gebruik word nie, word die volgende tog gebruik in welke geval die betekenis weergegee word van "die hele (van)":

Muti hikwawo : die hele stat

Badile homo hikwayo : hulle het die hele bees opge-eet.

6.6.3 Wanneer die kwantitatiewe voornaamwoord 'n selfstandige naamwoord voorafgaan, word die betekenis van "elke" weergegee:

Ndibona lwewansati hikhwamasiku : ek sien hierdie vrou elke dag.

Ndiyitlhela hikhwabusiku: ek slaap elke nag.

6.6.4. Wanneer buz- geprefigeer word aan die possessiewe voornaamwoordstamme, word die betekenis verkry van "alleen":

Iste pers.	mine buzanga	hine buzesu
2de pers.	wene buzaku	nine buzenu
Klas 1: mu- ba-	:yene buzakhe	bone buzabo
Klas 2: mu- mi-	:wone buzawo	yone buzayo
Klas 3: dzi- ma-	:dzone buzadzo	wone buzawo
Klas 4: shi- zi-	:shone buzasho	zone buzazo
Klas 5: yi(N)-ti(N)-	:yone buzayo	tone buzato
Klas 6: lu-/li- ti(N)-	:lone buzalo	tone buzato
Klas 7: bu- ma-	:bzone buzabzo	wone buzawo
Klas 8: ku-	:kone buzako	- -

6.6.4.I. Voorbeelde van gebruik.

Yene buzakhe afambe atolo: hy alleen het gister geloop.
Timfubu buzato tingatshama matini: slegs seekoeie kan in water bly.

Bhanu buzabo bangayangula: slegs mense kan praat.

6.6.5. 'n Alternatiewe wyse waarop "alleen, net" weergegee kan word, is d.m.v. gebruikmaking van die woorde "ntse" of "kuhela". Hulle word onveranderd met sowel die enkelvoud as die meervoud van selfstandige naamwoorde gebruik:

Wansati ntse angayimbelela hahombe: slegs die vrou kan mooi sing.

Babasati ntse bangazeka hahombe: slegs vrouens kan lekker kos kook.

Ndijula tihomo ntse: ek wil net beeste hê.

Hibone homo yingwe kuhela: ons het net een bees gesien.

6.6.6. Die lokatief word nie direk van die kwantitatiewe voornaamwoord gevorm nie, maar wel van die absolute voornaamwoord waarop dan die ooreenstemmende kwantitatiewe voornaamwoord volg:

Iste pers.	kuhine hikhwe	:by na ons almal
2de pers.	kunine hikhweni	:by na julle almal
Klas 1: mu- ba-	:kubone hikhwabo	:by, na hulle almal
Klas 2: mu- mi-	:kuwone hikhwawo	:by, na hulle almal, en
Iste pers.	kumine buzanga	:by my alleen
	kuhine buzesu	:by ons alleen
2de pers.	kuwene buzaku	:by jou alleen
	kunine buzenu	:by julle alleen

Klas I: mu- ba- :kuyena buzakhe :by hom alleen
:kubone buzabo :by hulle alleen, ens.

Wanneer "ntse" of "kuhela" gebruik word, geld die algemene reëls vir die lokatiefvorming van die selfstandige naamwoord en "ntse" of "kuhela" volg onveranderd daarop:

Tihongweni ntse :tussen die beeste alleen.
Timpfubzini kuhela :tussen die seekoeie alleen.

HOOFSTUK 7.

7.0. Die adjektief.

In Songa bestaan daar twee wyses waarop die eienskappe van selfstandige naamwoorde beskrywe kan word: d.m.v. die gebruikmaking van 'n beperkte aantal werklike adjektiefstamme en d.m.v. die gebruikmaking van 'n beskrywende possessiefkonstruksie.

7.1. Die adjektiefstamme.

-kulu	:groot	-trongo	:klein
-tswa/-tsha:	nuut	-nyingi	:baie
-nene	:goed, lekker	-fani	:sleg

7.1.1. Tabel van adjektiefskakels.

Klas 1: mu- ba-	:lwe'(N)-	la'ba-
Klas 2: mu- mi-	:lo'wu -	le'mi-
Klas 3: dzi- ma-	:le'dzi-	la'ma-
Klas 4: shi- zi-	:le'shi-	le'zi-
Klas 5: yi(N)- ti(N)-	:le'yi	le'ti-
Klas 6: lu-/li- ti(N)-	:lo'lu-/le'li-	le'ti-
Klas 7: bu- ma-	:le'bzi-	la'ma-
Klas 8: ku-	:lo'ku-	

Wat die herkoms van die adjektiefskakel betref, kan beweer word dat die aanvangsgedeelte lwe-, la-, le- en lo- waarskynlik die verkorte vorm van die demonstratief van die eerste trap is en dat die tweede samestellende gedeelte die prefiks van die betrokke selfstandige naamwoordklas is.

Daarom:

lwe'(N)-	=lweyi mu-	=lwe mu-	=lwe'(N)-
lowu-	=lo u-	=lo'wu (w is 'n oorgangs-	klank)
le'mi	=leyi mi-	=le'mi-	
le'dzi-	=ledzi dzi	=le'dzi-	

Ter verklaring van die adjektiefskakel van klas I enkelvoud, wil ons net die aandag vestig op die onstabiliteit van die prefiks mu- van klas 2 enkelvoud. Daarom word mu- ook in die adjektiefskakel van klas I enkelvoud maklik 'n homorganiese nasaal wat assimileer aan die konsonant van die adjektiefstam sodat ons die volgende kry: lwe'~ lwe'~ lwe'm- ~ lwe'n-.

7.1.2. Voorbeelde van gebruik.

Klas 1: mu-	:mhunu lwe'nkulu	: 'n groot mens
ba-	:bhanu la'bakulu	: groot mense
Klas 2: mu-	:muti lo'wutrongo	: 'n klein statjie
mi-	:miti le'mitrongo	: klein statjies

Klas 3: dzi-	:dzibze le'dzifani	:'n slegte klip
ma-	:madzibze la'mafani	:slegte klippe
Klas 4: shi-	:shifambo le'shitsha:	'n nuwe skoen
zi-	:zifambo le'zitsha	:nuwe skoene
Klas 5: yi(N)-	:huku le'yikulu	:'n groot hoender
ti(N)-	:tihuku le'tikulu	:groot hoenders
Klas 6: lu-/li-	:lusuku lo'lunene	:'n lekker dag
	:lihlanga le'lifani	:'n slegte riet
ti(N)-	:tinsuku le'tinene	:lekker dae
Klas 7: bu-	:bzanyi le'bzinyingi:	baie gras
ma-	:mabzanyi la'manyingi	:baie verkil- lende soorte grasce
Klas 8: ku-	:kuyaka lokukulu	:'n groot ge- bouery

7.1.3. I.v.m. die proses van regressiewe assimilasie by die adjektiefskakel van klas I enkelvoud, wil ons net die volgende voorbeelde gee:

mhumu lwe'nkulu : 'ngroot mens (mhu:nu lwe'ngku:lu)
 mufambi lwe'ntsha : 'n nuwe reisiger (mufa:mbi lwe'ntsha)
 wansati lwe'mfani : 'n slegte vrou (wansa:ti lwe'mfani)
 mufana lwe'ntrongo : 'n klein seuntjie (mufama lwe'ntrongo)

7.2. Vir die begrip "sekere" word "-mbeni" gebruik wat vooraafgegaan word deur die klasprefiks van die betrokke selfstandige naamwoord, of daar kan gebruik gemaak word van -kukasi wat in 'n possessief-konstruksie optree.

7.2.1. Voorbeelde van gebruik.

Mumbeni wansati andibile : 'n sekere vrou het my geslaan.

Timbeni tihosi tiqanda kunwa bzala: sekere kapteins hou daarvan om bier te drink.

Hitabuyela dambzini dzimbeni : ons sal op 'n sekere dag terugkeer.

Ajula muti wakukasi: hy seek 'n sekere stat.

Mhunu wakukasi: 'n sekere persoon.

Shikhosana shakukasi shitshama laha: 'n sekere ouvrou woon hier.

HOOFSTUK 8

8.0. Die possessiefkonstruksie in Songa.

Die possessiefkonstruksie word in Songa gebruik om besitting, getal en geslag aan te dui en dit word in sekere gevalle ook gebruik om die kwaliteite en eienskappe van persone en dinge aan te dui.

8.1. Tabel van possessiefskakels.

Klas 1:	mu-	ba-	: wa-	ba-
Klas 2:	mu-	mi-	: wa-	ya-
Klas 3:	dzi-	ma-	? dza-	ya-
Klas 4:	shi-	zi-	: sha-	za-
Klas 5:	yi(N)-	ti(N)-	: ya -	ta-
Klas 6:	lu-/li-	ti(N)-	: la-	ta-
Klas 7:	bu-	ma-	: bza-	ya-
Klas 8:	ku-		: kwa-	-

Die besitting gaan in Songa, net soos in die ander Bantoetale, die besitter vooraf, daarom word die possessiefskakel van die klas waarin die besitting val, in die possessiefkonstruksie gebruik.

8.1.1. Voorbeelde van gebruik.

Hine hidzima nitinhaba tawanuna: ons ploeg met die osse van die man.

Tinyonywane talibala tihaha sanga tanhaba: die voëls van die vlakte vlieg soos dié van die berg .

Yene akadi matanda yadzipate: hy eet nie eende-eiers nie.

Yimbza yanga ayikulanga sanga yashisalukazi: my hond is nie so groot soos die vrou s'n nie.

Die possessiefskakel kan ook met die absolute voornaamwoorde aangewend word alhoewel die possessiewe voornaamwoordstamme die meeste gebruik word:

Sheke, ujula tihuku tamin~~e~~?: wil jy my hoenders hê?

Andijuli kuba nitimhaka tanin~~e~~: ek wil niks met julle sake te doen hê nie .

8.2. Die possessiefkonstruksie met selfstandige naamwoorde van klas I(a) as besitter.

Songa bied in hierdie geval twee alternatiewe konstruksies: die gewone possessiefkonstruksie word gebruik of -ka- word tussen die possessiefskakel en die selfstandige naamwoord geïnfigeer:

yindlu yakamame : my moeder se huis

yindlu yamame : my moeder se huis

tihomo takatate : my vader se beeste

tihomo tatate : my vader se beeste

bzala bzakamalume :my oom se bier
bzala bzamalume : my oom se bier

Dieselfde alternatiewe konstruksies word gebruik wanneer 'n persoonsnaam gebruik word:

ngwana waMvulahlathi.: Mvulahlathi se kind
ngwana wakaMvulahlathi: Mvulahlathi se kind
tiko taKwenzani :Kwenzani se land
tiko takaKwenzani :Kwenzani se land

- 8.3. Wanneer -ka- (possessiefskakel van B.klas 17 ku-) geprefigeer word aan 'n persoonsnaam en voorafgegaan word deur 'n possessiefskakel afgelei van 'n ander persoonsnaam, gee dit die betekenis weer van "seun van.":

Mpande wakaDubula : Mpande, die seun van Dubula.
Jojo wakaKwenzani : Jojo, die seun van Kwenzani
wene wakaJojo : Jy, seun van Jojo

In die volgende geval word -ka- sonder 'n possessiefskakel gebruik, maar dit impliseer die betekenis "seun van" alhoewel die letterlike betekenis daarvan is "van die plek, tuiste van.....":

wene kaVuma: jy van die plek van Vuma, d.w.s. seun van Vuma

yene kaBebebe:hy van die plek van Bebebe, d.w.s. seun van Bebebe

- 8.4. Wanneer 'n demonstratiewe voornaamwoord die besitter voorafgaan, word die possessiefskakel hieraan geprefigeer:

yimbza yalwentrongwane: hierdie kind se hond
bzanyi bzaledzitiko : hierdie land se gras
huku taleshiya shisalukazi: daardie ou vrou se hoender

- 8.5. Wanneer 'n possessiefskakel geprefigeer word aan 'n lokatiewe selfstandige naamwoord, word -le- tussen die possessiefskakel en die lokatief geïnfigeer :

mati yalenhlobzeni :die fonteinwater
bzanyi bzalenhabeni :die berggras
bhanu balemutini :die statmense
nhabeni nalemfuleni :op die berg en by die rivier

- 8.6. Beskrywende possessiewe,

Beskrywende possessiefkonstruksies word in Songa aangewend om:

1. geslag aan te dui:

- a) Wanneer die geslagsverskil tussen persone aangedui word, word daar gebruik gemaak van nuna: manlik en nsati: vroulik, byvoorbeeld:

mudondisi wanuna : onderwyser 72/.....

mudondisi wansati : onderwyseres
muzeki wanuna : kok
muzeki wansati : vroulike kok

Die volgende wisselvorme is ook moontlik
mudondisi wawanuna : onderwyser
mudondisi wawansati: onderwyseres

Die omgekeerde volgorde van die bogenoemde is ook moontlik:

wanuna wamudondisi : onderwyser
wansati wamudondisi: onderwyseres

Die woorde shihisha/shilisa : seun, jongman en nhonyana : meisie word gebruik om die geslagsverskil tussen kinders en jongmense aan te dui:

ntrongwane washihisa/washilisa : seun
ntrongwane wanhonyana : meisie

b) Om die geslagsverskil wat daar onder diere bestaan, aan te dui, word gebruik gemaak van nduna: manlik en mpsele: vroulik :

yimpfu yanduna : skaapram
yimpfu yampsele : skaapool
huku yanduna : haan
huku yampsele : hen

(Die woord nkuku word ook vir "haan" gebruik).

Die omgekeerde volgorde van die bogenoemde konstruksies is ook moontlik:

nduna yayingwe : luiperdmannetjie
mpsele yayingwe : luiperdwyfie

Hierdie twee woorde vir "manlik" en "vroulik" word ook vir die groter diere gebruik. Daar is dus geen verskil in Songa in die geslagsaanduiding tussen die groter teenoor die kleiner diere nie, soos wat onder andere in Zoeloe die geval is.

Een van die informante het tog beweer dat die woord "nkunzi": bul, vir die groter diere gebruik word:

ndlopfu yankunzi : olifantbul
ndlopfu yampsele : olifantkoei
nyati yankunzi : buffelbul
nyati yampsele : buffelkoei

ii. Elenskappe, kwaliteite aan te dui:

Die volgende infinitiewe word met so 'n funksie aangewend:

-kubabisa : pynlik -kudluba : stomp
-kuleha : skerp -kubinda : swaar

-kuhetruka	: lig	-kunandiha	: lekker
-kushonga	: mooi	-kutitimeta	: koud
-kutiyela	: sterk		

Voorbeelde van gebruik.

Shilonda shakubabisa shindidlaya :die seer wond maak
my dood.

Banitihuku takushonga :hulle het mooi hoenders.
Hibone nsizwa yakutiyela mutini : ons het 'n sterk
jongman in die stat gesien.

Susa saka dzakubinda! : neem die swaar sak weg!

Die volgende selfstandige naamwoorde uit
verskillende klasse word met dieselfde funksie aange-
wend:

-nthohe	: wit	-ntima	: swart
-lihlaza	: groen	-libungu	: rooi
-bunandi	: lekker	↳ bunene	: goed

Voorbeelde van gebruik.

Wansati anishipakani shantima : die vrou het 'n swart
kat.

Tinyati tida bzanyi bzalihlaza : die buffels vreet die
groen gras.

Hine hibone nyonywane yalibungu nhabeni: ons het 'n
rooi voel by die berg
gesien.

Mufana ajula hembé dzantlhohe: die seun wil 'n wit
hemp hê.

Die bywoord van tyd "kale/khale : lank gelede"
word in 'n possessiefkonstruksie met die betekenis van
"oud wees" gebruik:

nduna wakale	: 'n ou indoena, man
shitayitane shakale:	'n ou storie
bokokwana bakale	: grootouers wat horingoud is
yingwe yakale	: 'n ou luiperd

iii. materiaal aan te dui:

yindlu yabzanyi	: 'n grashuis
pensele dzamuši	: 'n houtpotlood
mukwa walihondo	: 'n kapmes van horing gemaak
tsunga dzalitrumane:	kleipot

iv. inhoud aan te dui:

saka dzazimanga : 'n mieliesak

tsunga dzabzala : 'n bierpot

v. gebruik aan te dui:

tsunga dzamasi : 'n pot om melk in te bêre
tsunga dzamati : 'n pot om water in te bêre

vi. getal aan te dui(vgl.hoofstuk 9) 74/....

HOOFSTUK 9

9.0. Die aanduiding van getal in Songa:

Songa het 'n vyfdelige telstelsel. Vir die telwoorde 1-3 word daar gebruik gemaak van die betrokke selfstandige naamwoorde se klasprefiks (dus nie van die adjektiefskakel soos dit in Zoeloe die geval is) en van 4 verder, van 'n possessiefskakel.

Vanaf 5 word soos volg getel : $5 + 1 = 6$, $5 + 2 = 7$. Vir die telwoord van 6 word egter ook "shithupha" gebruik wat klaarblyklik 'n leenwoord uit Zoeloe is

9.1. Tabel van hooftelwoorde:

a) Stamme:-

- | | |
|-----------|------------|
| (1) -ngwe | (2) -bidzi |
| (3) -sasu | |

b) selfstandige naamwoorde:-

- | | |
|------------|-------------|
| (4) mune | (5) ntlhanu |
| (10) khume | (100) dzane |

9.1.1. Voorbeelde van gebruik.

Soos reeds vermeld, word die klasprefiks van die betrokke selfstandige naamwoord geprefigeer aan die telwoorde van 1 - 3:

- | | |
|------------------|-----------------|
| wansati mungwe | : een vrou |
| babasati babidzi | : twee vrouens |
| babasati basasu | : drie vrouens |
| tihuku tibidzi | : twee hoenders |
| mabuluku masasu | : drie broeke |

9.1.2. Die telwoorde mune en ntlhanu is selfstandige naamwoorde van klas 2 enkelvoud, shithupha van klas 4 enkelvoud en khume en dzane van klas 3 enkelvoud.

9.1.2.1. Voorbeelde van gebruik:

- bhanu bamune/mune wabhanu : vier mense
bhanu bantlhanu/ntlhanu wabhanu : vyf mense
bhanu bashithupha/shithupha shabhanu: ses persone.

Vir hierdie laasgenoemde konstruksie, is die volgende ook moontlik:

- bhanu bantlhanu namungwe/¹ntlhanu namungwe wabhanu.
bhanu bantlhanu nababidzi/¹ntlhanu nababidzi wabhanu:
sewe persone
bhanu bantlhanu nabasasu/ntlhanu nabasasu wabhanu:
agt persone
bhanu bantlhanu nimune/ ntlhanu nimune wabhanu :
nege persone
khume dzabhanu/bhanu bakhume : tien persone

Wanneer die meervoud van khume: 10 gebruik word,
val die aspirasie weg, daarom makume:

makume mabidzi yabhanu/bhanu bamakume mabidzi:

twintig persone

makume mabidzi namungwe yabhanu/bhanu bamakume mabidzi

namungwe : 21 persone.

dzane dzabhanu/bhanu badzane: 100 persone

madzane mabidzi yabhanu/bhanu bamadzane mabidzi:

200 persone.

9.2. Die ordinale getalle.

"Eerste" en "laaste" word aangedui met infini-
tiewe, nl. kusungula: om te begin en kugqina : om te
eindig.

Vir die ander ordinale getalle word die prefikse
bu-/shi- aan die telwoord geprefigeer. Daar word dan
van 'n beskrywende possessiefkonstruksie gebruik gemaak:

mhunu wakusungula: die eerste persoon

mhunu wabubidzi : die tweede persoon

mhunu wabuqasu : die derde persoon

mhunu wabuntlhanu: namungwe : die sesde persoon

Die konstruksie met die prefiks shi- van klas 4
enkelvoud, is soortgelyk as dié met bu-:

mhunu washibidzi : die tweede persoon

mhunu washiqasu : die derde persoon

mhunu washimune : die vierde persoon

Aangesien daar in Shangaan, Tswa en Ronga
alleen 'n konstruksie bestaan waarin gebruik gemaak
word van die prefiks bu-, kan ons met 'n taamlike
mate van veiligheid beweer dat die konstruksie met
shi- na analogie van die soortgelyke konstruksie
in Zoeloe met isi- geskied, vgl.:

umuntu wesibili : die tweede persoon

umuntu wesithathh : die derde persoon

umuntu wesine : die vierde persoon, ens.

9.3. Die begrip "eenkeer, tweekeer, ens".

Vir die begrip "eenkeer, tweekeer, ens." word
gebruik gemaak van die bywoordelike prefiksmorfeem ha-
wat aan die telwoord geprefigeer word:

ndimubonile habidzi : ek het hom tweekeer gesien

hitamuba hamune : ons sal haar vierkeer slaan

tinwe mati. hantlhanu atolo: hulle het gister vierkeer
water gedrink.

9.4. Die begrip " twee- twee, drie - drie, ens."

Die taal bied in hierdie geval twee alternatiewe
konstruksies:

9.4.1. die klasprefiks van die selfstandige naamwoord word aan

die telwoord geprefigeer en daaraan ha- :

tihomo tifamba hatimbidzi : die beeste loop twee- twee
timbuti tinwa hatiqagu : die bokke suip drie- drie.

9.4.2. die prefiks bu- word aan die telwoord geprefigeer en daaraan ha-:

tihomo tifamba habubidzi : die beeste loop twee- twee
timbuti tinwa habuqagu : die bokke suip drie- drie

Wanneer daar van bu- gebruik gemaak word, volg daar gewoonlik 'n possessiewe konstruksie met die possessiefskakel van bu-, nl. bza-:

tihomo tifamba habubidzi bzone: die beeste loop twee-
twee

timbuti tinwa habunume bzone: die bokke suip vier-
vier

9.5. Die begrip "altwee, aldrie, ens."

Die prefiks bu- word in hierdie geval weereens gebruik, maar in plaas van die bywoordelike ha- word die kapulatiwefiks hi- gebruik:

hibubidzi bzabo bafamba : hulle altwee loop
hibuqagu bzato tafamba: (die skape) aldrie loop
hibumune bzazo zinwa masi : alvier (die katte) drink
melk

Vergelyk in hierdie verband ook die volgende:
Mudondi ajula timbuti tabo hibabidzi: die leerlinge
soek hulle altwee se bokke.

Hine hitiba mabito yenu hibamune: ons ken julle alvier
se name.

9.6. Die konstruksie vir, oortref (hulle aantal, getal) tweekeer, ens."

Daar word in hierdie geval gebruik gemaak van die bywoordelike prefiksmorfeem ha- + ka- plus die getalswoord:

Babasati bathula babanuma hakaqagu: die vrouens is
driekeer meer as die mans

Tikuku tanga litlula taku hakamune : ek het vierkeer
meer hoenders as jy.

HOOFSTUK 10

10.0. Die trappe van vergelyking en die formatiewe sanga-, na-, ens. ha- en zi-.

10.1. Die trappe van vergelyking.

Wanneer die eienskappe van twee voorwerpe vergelyk word, word daar van die formatief kuna- gebruik gemaak:

huku le itrongo kunaleya : hierdie hoender is kleiner as daardie een

shipakani shikulu kunayimbza : die kat is groter as die hond

lebzibzanyi bzilihlaza kunalebziya : hierdie gras is groener as daardies

Vir die begrip "baie groter, kleiner, ens. as", word die bywoord van wyse ngopfu: waarlik, regtig, gebruik:

yimpfu ikulu ngopfu kunimbuti: die skaap is sommer baie groter as die bok

peru dzitrongo ngopfu kunipate: die kalkoen is sommer baie kleiner as die eend

10.2. Sanga-: soos

Die formatief sanga word gebruik wanneer twee voorwerpe met mekaar vergelyk word:

tihuku tihaha sangamagwababa: die hoenders vlieg soos kraaie

shipakani shikulile sangayimbza : die kat is so groot soos die hond

ngwananga ayangula sangangwanaku : my kind praat net soos joune

10.3. Na-~ni-: en.

Na- word gebruik voor selfstandige naamwoorde van klas I(a), persoonsname, absolute voornaamwoorde, kwantitatiewe voornaamwoord en demonstratiewe voornaamwoord.

ni- word egter voor al die ander selfstandige naamwoordklasse gebruik.

Doke het nie probeer om 'n verklaring vir hierdie klinkerverandering te gee nie, maar merk net die volgende daarop op:

"This formative, na-, indicates 'together with', and is found before nouns of class I(a), pronouns and axiomatic negatives; where, however, there is possibility of an initial vowel, in Tsonga a- or e-, substitution of i takes place, and na- appears as ni....."

(C.M. Doke , The Southern Bantu Languages, bladsy 200)

Voorbeelde van gebruik.

Mudondisi ajula wene nayene : die onderwyser soek vir
jou en hom.

Bafuya tihomo nitimbuti: hulle het beeste en skape.
Nditabuyela natate ninduna: ek sal met vader en die
indoena terugkeer.

Interessant is ook die gebruik daarvan met 'n
infinities.

Die volgende voorbeelde kom uit tekste:

"Shilambile hindlala, kutani shijulaku nikufa. " :
sy was baie honger en wou nou sterf.

"Tekani lababhanu niyabalahlala le, andijuli nikubabona
nishikangwe-nje.": neem hierdie mense en gooi hulle
ver weg, ek wil hulle nie nog eenkeer sien nie.

"Mine ndibone ngwana laha ethafeni akotiki wene
nikufamba nimatihlo" : ek het 'n kind op die vlakte
gesien wat net soos jy lyk met betrekking tot sy
stap en sy oë.

10.4. Ha-~hi-: deur middel van, deur, met.

Die instrumentale ha-~hi- dui die instrument
aan waarmee die handeling uitgevoer word. Dit word
ook gebruik om bywoorde van wyse van ander woordklasse
soos die telwoord en adjektief byvoorbeeld, te vorm.

Die gevalle van gebruik van hi- i.p.v. ha-
is dieselfde as dié vir ~ni-.

Voorbeelde van gebruik.

Nditshema zikwakwa hibutsha: ek kap die Makwakwa's
met 'n kapmes.

Wansati adzima hishikomo : die vrou skoffel met 'n
skoffelpik.

Hitafamba himoti: ons sal per motor ry.

Bone bazingela himahanshi: hulle jag te perd.

Ndinibona hahombe: ek sien julle goed.

Himbone habidzi : ons het hom tweekeer gesien.

10.5. zi-

Die onderwerpskakel van klas 4 meervoud word ook as
onbepaalde onderwerpskakel gebruik.

Voorbeelde van gebruik.

Wansati nshipakani nihosi zinwa mati: die vrou en die
kat en die opperhoof drink water.

Zibonakala hikwazo: dit is alles duidelik.

Ndizitiba hikwazo : ek weet dit alles.

HOOFSTUK II

II.0. Die bywoord.

II.1. Die bywoorde van plek (lokatiwe) is alreeds behandel (vgl. 5.3.2.)

II.2. Songa besit egter ook nog oorblyfsels van die ou Oerbantoe lokatiefklasse pa-ku- en mu-

handle	:	buitekant
hansi	:	onder, op die grond
henhla	:	boontoe
kule	:	ver weg
kusuhi	:	naby
lomu	:	hier

Wanneer hansi en henhla gebruik word, moet gebruik gemaak word van die possessiefskakel ka- en met henhla die skakel ha-:

: : :

Humela handle kayindlu! gaan buitentoe!

Tshamisa hansi kamuqi! sit onder die boom!

Tihomo tinwa henhla hanhlobo: die beeste suip aan
die bokant van die fontein.

II.3 Bywoorde van wyse word gevorm deur middel van gebruikmaking van die bywoordelike prefiksmorfeem ha- gevolg deur 'n adjektief, telwoord of infinitief wat met 'n adjektiewiese funksie gebruik word:

hahombe	:	goed
hanyingi	:	baie, dikwels
habubidzi	:	tweekeer
habumune	:	vierkeer
hakubabisa	:	op 'n pynlike wyse
hakunandiha	:	op 'n aangename wyse

II.3.1 Waarskynlik onder invloed van Zoeloe, word ka- as wisselvorm van ha- gebruik:

kanyingi	:	baie, dikwels
kakubabisa	:	op 'n pynlike wyse
kakunandiha	:	op 'n aangename wyse

II.3.2. Hieronder volg nog 'n aantal verskillende bywoorde van wyse:

n.gopfu	:	waarlik, grootliks, baie
fusi	:	voorts, nog 'n keer
zinene	:	goed
zitrongo	:	effens, 'n bietjie
zozo	:	so
zozu	:	nou

II.4. Verskillende bywoorde van tyd.

Die volgende bywoorde van tyd is selfstandige

naamwoorde wat met 'n bywoordelike valensie gebruik word of afleidinge van selfstandige naamwoorde met 'n bywoordelike valensie.

Die name van dae vir Dinsdag tot Vrydag is afgeleide selfstandige naamwoorde van telwoorde wat in 'n beskrywende possessiefkonstruksie gebruik word. Die name vir Maandag, Saterdag en Sondag is klaarblyklik van Zoeloe ontleen:

mundzuku	: mōre-oggend
tolo	: gister
shimushweni	: in die oggend
shidambzini	: in die middag, aand
busikwini	: in die nag
namunhla	: vandag
kutani	: nou
Msubuluko	: Maandag
Wabubidzi	: Dinsdag
Wabusagu	: Woensdag
Wabumune	: Donderdag
Wabuntlhanu	: Vrydag
Mgqibela	: Saterdag
Sonto	: Sondag

II.4.I. Voorbeelde van gebruik.

Hitabuyela fuqi shimushweni: ons sal weer in die oggend terugkeer.

Bafana batanwisa tihomo shidambzini: die seuns sal die beeste in die agtermiddag laat suip.

Ataqala kudzima mundzuku : hy sal mōre -oggend begin ploeg.

Ndijula kufamba Wabumune : ek wil Donderdag weggaan.

II.5. Vrae in Songa.

II.5.1. Enige stelsin kan in 'n vraagsin verander word, d.m.v. die gebruikmaking van die interjektiewe sheke/shana aan die begin van die sin:

Sheke, timbuti tibuyile? : is die bokke terug?

Shana, hitabonana fuqi? : sal ons mekaar weer sien?

II.5.2. Die vraagwoord na? kan ook aan die einde van die sin gebruik word:

Tihomo tileshibayeni na?: is die beeste in die kraal?

Wene usepfukiki na? : is jy al wakker?

II.5.3. Daar word ook gebruik gemaak van die werkwoord-suffiks -ni? Hierdie suffiks word gesuffigeer aan:

a) Werkwoorde:

wansati ajulani? : wat seek die vrou?

adondeni atolo? : wat het hy gister geleer?

tiyimbza tinwani? : wat drink die honde?

ntrongwane adani? : wat eet die kind?

b) die kopulatiewe prefiks hi-:

ujula hini? : wat wil jy hê?
hitabona hini? : wat sal ons sien?
atanwa hini? : wat sal hy drink?

c) die onderwerpskakel dzi-:

utapfuka dzini? : wanneer sal jy opstaan?
batabuyela dzini? : wanneer sal hulle terugkeer?
hitanwa bzala dzini? : wanneer sal ons bier
drink?

As wisselvorm vir dzini? word ook dzina? gebruik:

utapfuka dzina? : wanneer sal jy opstaan?
batabuyela dzina? : wanneer sal hulle terugkeer?

d) verskillende prefigale morfeme:

i. kwi-:

wanuna adzima kwini? : waar ploeg die man?
hitayaka kwini? : waar sal ons bou?
nifambela kwini? : waarnatoe gaan julle?

ii. ma-^{met die meerv.} bama- voorafgegaan deur die kopulatiewe morfeem hi-:

sheke, ujula mani? : vir wie soek jy?
nibone bamani atolo? : vir wie het julle
gister gesien?
nditabiwa himani na? : deur wie sal ek
geslaan word?

iii.-nga- voorafgegaan deur die onderwerpskakel:

timbuti tingani? : hoeveel bokke is dit?
ufuya shipakani shingani? : hoeveel katte
besit jy?
hosi inibasati bangani? : hoeveel vrouens
het die opperhoof?

As wisselvorm vir -ngani? word -kunga? ook gebruik voorafgegaan deur die possesiefskakel:

tihomo takunga tileshibayeni? : hoeveel beeste
is in die kraal?

timbuti takunga tifuyiwa hiwene? : hoeveel bokke
besit jy?

iv. zakuhini? : hoe?

nditadonda zakuhini? : hoe sal ek leer?
udzima zakuhini? : hoe ploeg jy?

As wisselvorm vir zakuhini? word die verkorte vorm zakuhi? ook gebruik. Die leenwoord uit Zoeloe kanjani? word as vrye wisselvorm vir zakuhini?/ zakuhi? gebruik.

v. mu-

Hierdie selfstandige naamwoordprefiks word aan -ni? geprefigeer om die betekenis weer te gee van

"watter soort?" Muni? word onveranderd met al die selfstandige naamwoordklasse gebruik:

himusi muni lo? : wat se soort boom is dit dié ?
ufuya tiyimpfu muni? : wat se soort skape besit jy?
abone tinhlampfi muni? : wat se soort visse het hy gesien?

II.5.4. Wanneer die instrumentale prefiksmorfeem ha- aan -yini geprefigeer word, beteken dit "waarmee?":

ufambe hayini? : waarmee het jy gereis?
banwa bzala hayini?: waarmee drink hulle bier?
udzima hayini? : waarmee ploeg jy?

12.0 Die voegwoord.

Die volgende voegwoorde word in Songa gebruik:

a) Loku: toe, wanneer.

Kute loku bayentsha lezo: toe hulle so maak...

Kute loku adile, wafa: toe sy geëet het, het sy
gestorf.

b) Zaku: dat.

Baku: "Hijula kumnyika hizibona zaku utayentsha
hini." Hulle sê: "Ons wil vir haar gee sodat ons kan
sien wat sy sal doen."

Babona zaku azimanga zihetile: hulle het gesien dat
die mielies gedaan was.

c) Akuba: dat, sodat

Ahisulanga, hijentshela akuba hitamukombetisa zaku
mpela himdlayile: ons moenie dit afvee nie sodat ons
vir hom kan wys dat ons hom regtig doodgemaak het.

d) Ngoba: want.

Tana la, ngoba ndikujula!: kom hier, want ek soek
jou!

e) Hikusa: omdat, aangesien.

Mine ndingemdlayi hikusa ndingedlayi mhunu: ek kan
hom nie doodmaak nie omdat ek nie 'n mens kan dood-
maak nie.

..... hikusa lehosi abito dzakhe dzaliKwenzani:
aangesien hierdie opperhoof se naam Kwenzani was.

f) Hizaku: aangesien.

Hitaku hini hizaku kuhlayiki yena tate na?: wat sal
ons sê aangesien vader so gesê het?

g) Lezi: aangesien.

Lezi andijuli kubonana nayene, nditafamba zozi:
aangesien ek hom nie wil sien nie, gaan ek nou
loop.

h) La: toe.

Kute la baphakamisaku mibutsha, bajulaku kumkawula,
shaku: toe hulle die kapmesse optel om hom
te kap, het hy gesê

i) Khansi: maar.

Ngwana lwe ajula kunwa bzala, khansi ngwakhe
akasandi lezo: hierdie kind wil bier drink, maar
sy moeder hou nie daarvan nie.

Yene ayangula hahombe, khansi ahemba madzimi: hy
praat mooi, maar hy lieg.

HOOFSTUK 13.

Die ideofoon.

Die ideofone van Songa kan ingedeel word in enkellettergrepige-, tweelettergrepige- en meerlettergrepige ideofone.

13.1. Enkellettergrepige ideofone.

- a) Nci: stadig loop.

La bafambaku^{baku}nci nci: toe hulle loop, het hulle stadig geloop.

- b) Du: een, alleen.

Hijula mungwe du: ons wil net een hê.

Nditiba ShiSonga du: ek ken net Songa.

- c) Zuuu: rooi wees.

Aminsis mite zuuu hidzilitrumane: die hare was rooi van die klei.

- d) Tsa: gis van bier, lekker word.

Bzibila, babzihlutha babeka himatsunga bziku: tsa tsa tsa: (die bier) het gekook, hulle het dit deurgesyg en in potte gegooi en die bier het lekker geword.

- e) Tse: stilbly.

Wansati akumiyela aku tse: die vrou het regtig stil gebly.

13.2. Tweelettergrepige ideofone.

- a) Kalo-kalo: vinnige verskyning en verdwyning.

Shibona zipokwe zihondaku kola la, ziku kalo-kalo: en hy het die spoke so vinnig daar sien verbygaan.

- b) kwāāā/kwāāā: vuil/vaal wees.

Angwana ate kwāāā hinoqa: die kind was vaal van die as.

- c) Mqa: met die plathand slaan.

Aku mqa himpana: en sy slaan met die plathand.

13.3. Meerlettergrepige ideofone.

- a) Kalaketeka: heeltemal oor wees.

"Bakumweta kalaketeka halahaya": hulle het hom oor die rivier geneem.

HOOFSTUK 14.

14.0. Die werkwoord.

- Ons kan die werkwoorde van Songa indeel in
- (a) egte werkwoorde, bv. -luma, -bona, ens.,
 - (b) hulpwerkwoorde, bv. -ta-, -tlhela, ens. en
 - (c) kopulatiewe werkwoorde, bv. -li-, -le-, ens.

'n Ander maatstaf wat toegepas kan word, is om die werkwoorde in te deel volgens die aantal lettergrepe:

a) Enkellettergrepige stamme:

-ta	:kom	-da	:eet
-ba	:slaan	-nya	:ontlas
-ya	:gaan	-sha	:brand

b) Reëlmatige tweelettergrepige stamme:

-luma	:byt	-bona	:sien
-sula	:afvee	-jula	:soek
-boha	:vasmaak	-dzuma	:dreun

c) Meerlettergrepige stamme.

-zingela	:jag	-yangula	:praat
-trutruma	:hardloop	-dzibala	:vergeet
-nhasika	:dink	-labisela	:staar, kyk

In Songa bestaan daar ook 'n aantal vokaalwerkwoordstamme.

-imbelela	:sing	-ambala	:klere aantrek
-entsha	:doen, maak	-aka	:bou
-osa	:braai	-ima	:staan

14.1. Die onderwerpskakel.

Wanneer die onderwerpskakel gebruik word met die "teenwoordige tyds -a-", vind die volgende vokaalveranderinge plaas: wanneer die onderwerpskakel alleen uit 'n vokaal bestaan, vind konsonantalisasie daarvan plaas wanneer -a- gesuffigeer word, daarom u+a- = wa-, a+a- = wa- en i+a- = ya-, maar wanneer die onderwerpskakel bestaan uit 'n konsonant of konsonante plus 'n

vokaal, word -a- gesuffigeer ten koste van die vokaal van die onderwerpskakel, daarom: dzi+a- = dza-, ti+a- = ta-, ens.

14.1.1. Tabel van onderwerpskakels.

Iste pers.	:ndi-,nda-	hi-,ha-
2de pers.	:u- ,wa-	ni-,na-
Klas I: mu- ba-	:a-/u-,wa-	ba-,ba-
Klas 2: mu- mi-	:u- ,wa-	i-/mi-,ya-/ma-
Klas 3: dzi- ma-	:dzi-,dza-	a-/ma-,ya-/ma-
Klas 4: shi- zi-	:shi-,sha-	zi-,za-
Klas 5: yi(N)- ti(N)-	:i- ,ya-	ti-,ta-
Klas 6: lu-/li- ti(N)-	:lu-/li- ,la-	ti-,ta-
Klas 7: bu- ma-	:bzi-,bza-	a-/ma-, wa-/ma-
Klas 8: ku- --	:ku- ,ka-	-- --

Die beginsels, soos uiteengesit deur S.B. van der Westhuizen in sy M.A.-verhandeling "Die Kort- en Lang Teenwoordige Tydvorms in Zoeloe", geld ook vir Songa. Hieronder volg 'n aantal voorbeelde van die gebruik van die verskillende onderwerpskakels:

Tinyati tinwa mati nambzini: die buffels drink in die meer water.

Tihuku tida bzanyi bzilensingwini: die hoenders vreet die gras in die land.

Bone banwisa mahanshi nhlobzeni: hulle laat die perde in die fontein water suip.

Tinyati tanwa: die buffels suip.

Tihuku tada: die hoenders vreet.

Hine hajula: ons is besig om te soek.

14.2. Tabel van voorwerpskakels.

Iste pers.	-ndi-	-hi-
2de pers.	-ku-	-ni-
Klas I: mu- ba-	:-mu-, -m-	-ba-
Klas 2: mu- mi-	:-wu-	-yi-
Klas 3: dzi- ma-	:-dzi-	-wa-
Klas 4: shi- zi-	:-shi-	-zi-

Klas 5: yi(N)- ti(N)- :-yi- -ti-

Klas 6: lu-/li- ti(n)- :-lu-/li- -ti-

Klas 7: bu- ma- :-bzi- -wa-

Klas 8: ku- :-ku-

Voorbeelde van gebruik.

Hine himbone atolo: ons het hom gister gesien.

Shana, bandijula na? : soek hulle my?

Timhala tibzida libaleni: die rooibokke vreet dit
(die gras) op die vlakte.

Hitamuba dambzini: ons sal hom in die agtermiddag
slaan.

14.3. Die refleksief.

Die refleksief word in Songa met behulp van
die infiks -ti- gevorm. Dit dui dan aan dat die hande-
ling op die onderwerp teruggaan en word vertaal met
"self":

Mine nditibona: ek sien myself.

Yimbza itiluma: die hond byt homself

Ntrongwane wanuna atiba: die seuntjie slaan homself.

In die negatief bly -ti- onveranderd.

Mine anditiboni: ek sien nie myself nie.

Yimbza ayitilumi: die hond byt nie homself nie.

14.4 Afgeleide werkwoorde.

Ons gebruik by die volgende werkwoordafleidings
die term "Aktionsart" wat van die Duits ontleen is en
letterlik beteken "aard van handeling" aangesien daar
by elke afleiding 'n nuwe "aard, soort" van handeling
aangedui word.

a) Die passiewe aktionsart.

Die passiewe aktionsart word in Songa met be-
hulp van die suffiks morfeem -iwa aangedui, byvoor-
beeld:

kuboniwa :om gesien te word

kulumiwa :om gebyt te word

kubohiwa :om vasgebind te word

kujuliwa. :om gesoek te word.

Die volgende twee voorbeelde is as gevolg van die invloed van Zoeloe:

kulungwa hiyimbza :om deur 'n hond gebyt te word

kusungwa hihosi :om deur die hoofman gestuur te word.

Die enkellettergrepige werkwoorde kry ook -iwa gesuffigeer:

hibiwa himudondisi :ons word deur die onderwyser geslaan.

bzanyi bzidiwa hitiyimpfu :die gras word deur die skape gevreet

bzala bzinwiwa hibabanuna: die bier word deur die mans gedrink

Die passiewe Aktionsart van dlaya is dlawwa: om doodgemaak te word.

b) Die neuter Aktionsart.

Hierdie Aktionsart dui 'n intransitiewe toestand aan en word gevorm met behulp van die suffiks -eka/-akala.

hikwazo ziboneka: alles is sigbaar/duidelik

zientsho zaku zibongeka: jou daad is prysenswaardig.

musindo utwakala: die lawaai is hoorbaar

zone zijuleka:dit is begeerbaar

zone zigandakala: dit is beminbaar/beminlik

Die volgende opmerking van Doke is interessant:

"This suffiks does not occur in Ro". (Ronga)

(C.M. Doke, The Southern Bantu Languages, bladsy 194).

c) Die applikatiewe Aktionsart.

Hierdie Aktionsart dui aan dat 'n handeling "vir" of "ten behoewe van" iemand of iets uitgevoer word. Wanneer 'n bywoord van plek volg op 'n werkwoord met hierdie suffiks, dui dit aan "beweging na." Die applikatiewe Aktionsart word met behulp van die suffiks morfeem -ela/-elela gevorm.

kutisela hosi: om vir die hoofman te werk
kudzimela nsati: om vir 'n vrou te ploeg
kuyakela nuna yindlu: om vir 'n man 'n huis te
bou.

kuwosela ntrongwane nyama: om vir 'n kind vleis
te braai

kuhumelela: om te slaag.

kutrutrumela nhabeni: om na die berg te hard-
loop

kufambela mutini lówukulu: om na die groot
stad te loop

tihomo tibuyela shibayeni: die beeste keer na
die kraal terug

shikhosana shiwela matini: die ouvrou val in
die water in

Wanneer die vraagwoord hini? saam met 'n werk-
woord met die applikatiewe werkwoordsuffiks -ela ge-
bruik word, word die betekenis weergegee van "waarom"
of "om watter rede".

utisela hini?: waarom werk jy?

nitshamisela hini?: waarvoor wag julle?

bhanu balwela hini?: waarom baklei die mense?

d) Die resiprokale Aktionsart.

Dui aan dat 'n handeling wederkerig tussen twee
persone of dinge plaasvind, daarom word hierdie
Aktionsart met "mekaar" vertaal; dit word aan die
werkwoord aangedui met behulp van die suffiks -ana.

kubonana :om mekaar te sien

kulwana :om met mekaar te baklei

kuqandana :om mekaar lief te hê

kubanana :om mekaar te slaan

Wanneer daar 'n voorwerp in die enkelvoud ná
die werkwoord met die resiprokale -ana volg, moet daar
gebruik gemaak word van die bindvormelement na-ni-;
die betekenis van "met" word dan weergegee:

Hine hitlhangana niwansati ndleleni: ons het 'n vrou op die pad teengekom.

Nditayangulana nimudondisi: ek sal met die onderwyser gaan praat.

Songa gebruik die werkwoorde "fana" of "kota" gevolg deur die bindvormelement na--ni- om die begrip aan te dui van "lyk na."

Ntrongwane lwe afana niwansati lweya: hierdie kind lyk na daardie vrou.

Ntrongwane washihisa akota nihosi yaledzitiko: die seun lyk na die hoofman van hierdie land

e) Die kousatiewe Aktionsart.

Word aangedui deur middel van die suffiks -isa en dui aan dat iemand of iets 'n handeling laat plaasvind.

Kutisa badondi: om die leerlinge te laat werk.

kudzimisa tihomo: om die beeste te laat ploeg

kubonisa wansati: om die vrou te laat sien

kubuyisa timbuti: om die bokke terug te jaag/
bring

kunwisa tiyimpfu: om die skape te laat suip

In die geval van die werkwoorde suka en pfuka word die kousatief alleen met behulp van -sa gevorm:

suka = susa : om te laat wegneem

pfuka = pfusa : om wakker te maak

Werkwoorde wat op -la eindig, se kousatief word gevorm met -ta:

kuwela = kuweta : om oor 'n rivier te neem

kupfumela = kupfumeta : om te laat toestem

kuyimbelela = kuyimbelela : om te laat sing

kufambela = kufambeta : om te laat loop na/
gaan na.

Die kousatief kan ook met die betekenis van "help doen" aangewend word:

Hine hidzimisa wansati nsimu yakhe: ons help die vrou
haar land ploeg.

Hitaniyakisa amunduku: ons sal julle môre help bou.

f) Die intensiewe Aktionsart.

Hierdie Aktionsart word gevorm deur middel van die suffigering van die werkwoordsuffiks -isisa. Dit dui aan dat 'n handeling baie deeglik of ook vinnig uitgevoer word.

Hitiqisisa ensingwini: ons werk baie hard in die land.

Bana badondisisa shikoleni: die kinders leer hard in
die skool.

Ndibonisisa tiyingwe letibidzi: ek sien twee luiperds
baie duidelik.

g) Die reversiewe Aktionsart.

Hierdie Aktionsart dui die omkering, omdraai-
ing van 'n spesifieke handeling aan. Die suffiks -ula/-ulula word hiervoor gebruik.

pfala: toemaak =pfula: oopmaak

kulula: losmaak

landa: vertel =landula: ontken, omdraai

lumula: speen

h) Die diminutiewe Aktionsart.

Dui aan dat 'n handeling effentjies, op 'n klein skaal of stadig plaasvind. Dit word aangedui deur middel van werkwoordverdubbeling en wel volgens die volgende reëls:

Reël I:

Twee- en meerlettergrepige werkwoorde word herhaal:

kufambafamba: om 'n bietjie te loop, heen-en-weer te loop

kuyangulayangula: om 'n bietjie te praat

kuyakayaka: om baie stadig te bou

kubonabona: om net 'n bietjie te sien

Reël 2.

Enkellettergrepige werkwoorde word herhaal met -yi- geïnfigeer.

kubayiba :om 'n bietjie te slaan

kunwayinwa :om 'n bietjie/stadig te drink

kuwayiwa :om 'n bietjie te val

Die suffiks -nyana kan ook gebruik word:

ndifambanyana: ek loop net so 'n bietjie/stadig

ndinwanyana bzala: ek drink baie selde bier.

Wanneer daar 'n baie groot verkleining van handeling aangedui wil word, geskied dit d.m.v. werkwoordverdubbeling plus -nyana:

ndifambafambanyana: ek loop vreeslik min/
stadig.

hinwayinwanyana bzala: ons drink net so een-
keer in 'n skrikkeljaar bier.

HOOFSTUK 15

15.0. Die konjugasie van die werkwoord.

15.1. Die indikatiewe modus.

A. Teenwoordige tyd.

i. Positief.

Iste pers.	:ndibona	hibona
2de pers.	:ubona	nibona
Klas I: mu- ba-	abona	babona
Klas 2: mu- mi-	:ubona	ibona
Klas 3: dzi- ma-	:dzibona	mabona, ens.

Soos reeds vermeld, word hierdie tipe konstruksie gebruik wanneer daar 'n voorwerp of ander bywoordelike uitbreiding ná die werkwoord volg.

Voorbeelde van gebruik.

Tiyimpfu tida bzanyi mfuleni: die skape vreet gras by
die rivier.

Hine hijula kunwa mati: ons wil water drink.

Ndibona tihomo taku hikwato: ek sien al jou beeste.

Wanneer daar geen voorwerp of bywoordelike uitbreiding ná die werkwoord volg nie, word die a-teenwoordige tyd gebruik.

Iste pers.	:ndabona	habona
2de pers.	:wabona	nabona
Klas I: mu- ba-	:wabona	babona
Klas 2: mu- mi-	:wabona	yabona
Klas 3: dzi- ma-	:dzabona	mabona, ens.

Voorbeelde van gebruik.

Shipakani shanwa: die kat drink.

Wansati watshameka: die vrou speel.

Babanuna badzima :die mans ploeg.

ii. Negatief.

Die negatiewe prefiksmorfeem a- word in beide gevalle aan die positiewe vorm geprefigeer. Die -a van die a-teenwoordige tyd ondergaan egter elisie.

Iste pers.	:andiboni	ahiboni
2de pers.	:awuboni	aniboni
Klas I: mu- ba-	:akaboni	ababoni
Klas 2: mu- mi-	:awuboni	ayiboni
Klas 3: dzi- ma-	:adziboni	amaboni, ens.

Voorbeelde van gebruik

Hine ahiboni yingwe yalenhabeti: ons sien nie die bergluiperd nie.

Shipakani ashinwi: die kat drink nie.

Tinduna atijuli masi, bajula bzala: die indoenas wil nie melk hê nie, hulle wil bier hê.

B. Toekomende tyd.

i. Positief.

Die toekomende tyd word in Songa aangedui m.b.v. die toekomende tyds infiksmorfeem -ta- wat geïnfigeer word tussen die onderwerpskakel en die werkwoordstam.

Iste pers.	:nditabona	hitabona
2de pers.	:utabona	nitabona
Klas I: mu- ba-	:atabona	batabona
Klas 2: mu- mi-	:utabona	itabona
Klas 3: dzi- ma-	:dzitabona	matabona, ens.

Voorbeelde van gebruik.

Hine hitabuyela munduku: ons sal môre terugkeer.

Nitabona timhala nambzini: julle sal die rooibokke by die meer kry.

Hitadlaya timbeni tinyoka: ons sal nog ander soorte slange doodmaak.

ii. Negatief.

Wanneer die negatief van die toekomende tyd gevorm word, word die vokaal -a van die toekomende tydsinfiks met -i vervang wanneer die negatiewe prefiks a- geprefigeer word.

Iste pers.	:anditikubona	ahitikubona
2de pers.	:awutikubona	anitikubona
Klas 1: mu- ba-	:akatikubona	abatikubona
Klas 2: mu- mi-	:awutikubona	ayitikubona
Klas 3: dzi- ma-	adzikubona	amatikubona, ens.

As wisselvorm vir hierdie konstruksie word egter gebruik gemaak van 'n konstruksie wat saamgestel is uit die negatiewe prefiksmorfeem a--na-- die infinitief van die werkwoord.

Iste pers.	:andinakubona	ahinakubona
2de pers.	:awunakubona	aninakubona
Klas 1: mu- ba	:akanakubona	abanakubona
Klas 2: mu- mi-	:awunakubona	ayinakubona
Klas 3: dzi- ma-	:adzinakubona	amanakubona, ens.

Volgens informant Solomon Tembe is hierdie genoemde wisselvorm die meer gebruiklike.

Voorbeelde van gebruik.

Anditikubona tate libaleni: ek sal nie vir vader op
die vlakte sien nie.

Ahinakuyimbelela^{yi} ndlwini kamame: ons sal nie in moeder
se huis mag sing nie.

Abatikunwisa tihomo tenu: hulle sal nie julle beeste
laat suip nie.

Akanakuba ngwananga: hy sal nie my kind slaan nie.

C. Perfektum.

Die perfektum word in Songa met behulp van die werkwoordsuffiksmorfeem -ile gevorm.

In die geval van die afgeleide werkwoorde, vind daar geen klinkerveranderinge plaas nie, soos wat byvoorbeeld die geval in Zoeloe is. Voorbeelde van perfektumvorming is die volgende:

hibonana = hibonanile :ons het mekaar gesien

hifambela = hifambelile :ons het gegaan na

hibiwa = hibiwile :ons is geslaan

hibonisisa = hibonisisile: ons het duidelik gesien.

i. Positief.

Iste pers.	:ndibonile	hibonile
2de pers.	:ubonile	nibonile
Klas 1: mu- ba-	:abonile	babonile
Klas 2: mu- mi-	:ubonile	ibonile
Klas 3: dzi- ma-	:dzibonile	mabonile, ens.

Hierdie suffiks -ile word gebruik wanneer daar geen voorwerp of ander adverbiale uitbreiding na die werkwoord volg nie. Wanneer daar wel 'n uitbreiding volg, word die kort perfektumsuffiks -e gebruik.

Iste pers.	:ndibone	hibone
2de pers.	:ubone	nibone
Klas 1: mu- ba-	:abone	babone
Klas 2: mu- mi-	:ubone	ibone
Klas 3: dzi- ma-	:dzibone	mabone, ens.

Voorbeelde van gebruik.

Hibonile: ons het gesien.

Hibone tinyati letinyingi: ons het baie buffels gesien.

Bafambile: hulle het weggegaan.

Bafambe atolo: hulle is gister weg.

ii. Negatief.

Vir die negatief word die negatiewe prefiks- morfeem a- geplaas terwyl -ile/-e met -anga vervang word:

Iste pers.	:andibonanga	ahibonanga
2de pers.	:awubonanga	anibonanga
Klas 1: mu- ba-	:akabonanga	ababonanga
Klas 2: mu- mi-	:awubonanga	ayibonanga
Klas 3: dzi- ma-	:adzibonanga	amabonanga, ens.

Voorbeelde van gebruik.

Ahibonanga: ons het nie gesien nie.

Ahibonanga timhala taku: ons het nie jou rooibokke gesien nie.

Abanwanga: hulle het nie gedrink nie.

Abanwanga bzala bzakhe: hulle het nie sy bier gedrink
nie.

D. Onvoltooid verlede tyd.

Hierdie tydvorm word gevorm m.b.v. apfa/khale/kale gevolg deur die werkwoord in die teenwoordige tyd van die partisipiale modus.

Die woorde apfa, khale en kale is vrye wisselvorme alhoewel kale die meeste gebruik word. Kale is 'n bywoord van tyd met die betekenis van "lank gelede, in die verlede."

i. Positief.

Iste pers.	:kale ndibona	kale hibona
2de pers.	:kale ubona	kale nibona
Klas I: mu- ba-	:kale abona	kale babona
Klas 2: mu- mi-	:kale ubona	kale ibona
Klas 3: dzi- ma-	:kale dzibona	kale mabona, ens.

ii. Negatief.

Iste pers.	:kale ndingaboni	kale hingaboni
2de pers.	:kale ungaboni	kale ningaboni
Klas I: mu- ba-	:kale angaboni	kale bangaboni
Klas 2: mu- mi-	:kale ungaboni	kale ingaboni
Klas 3: dzi- ma-	:kale dzingaboni	kale mangaboni, ens.

Voorbeelde van gebruik.

Kale ndibona wansati: ek het die vrou gesien.

Kale ndingaboni wansati: ek het nie die vrou gesien
nie.

Kale ndinwa mati nhlobzeni: ek het water uit die fontein gedrink.

Kale ndinganwanga mati nhlobzeni: ek het nie water uit
die fontein gedrink nie.

E. Voltooid verlede tyd.

Hierdie tydvorm dui aan dat die handeling in die verlede afgehandel en voltooi is.

i. Positief.

Iste pers.	:kale ndibonile	kale hibonile
2de pers.	:kale ubonile	kale nibonile
Klas 1: mu- ba-	:kale abonile	kale babonile
Klas 2: mu- mi-	:kale ubonile	kale ibonile
Klas 3: dzi- ma-	:kale dzibonile	kale mabonile , ens.

ii. Negatief

Iste pers.	:kale ndingabonanga	kale hingabonanga
2de pers.	:kale ungabonanga	kale ningabonanga
Klas 1: mu- ba-	:kale angabonanga	kale bangabonanga
Klas 2: mu- mi-	:kale ungabonanga	kale ingabonanga
Klas 3: dzi- ma	:kale dzingabonanga	kale mangabonanga , en

Voorbeelde van gebruik.

Kale ndibone lwewansati: ek het lank gelede hierdie
vrou gesien.

Kale ndingabonanga lwewansati: ek het nie hierdie vrou
gesien nie.

Kale tinkawu tihetile mabele: Die ape het die bantoe-
koring opgevreet.

Kale tinkawu tingahetanga mabele: die ape het nie die
bantoe-koring opgevreet nie.

15.1.5. Die konsekutief

Die konsekutief word in Songa gebruik by tem-
porale- en kousale opeenvolgende handeling.

Die konsekutief kan na al die tydvorms gebruik
word en die kenmerk daarvan is die vokaal -a van die
onderwerpskakel wat dit foneties identies aan die
onderwerpskakel van die a-teenwoordige tyd maak.

Aangesien ek geen tonologiese data het nie,
stel ek net die volgende:

Daar is heelwaarskynlik 'n toonverskil tussen
die konsekutief se onderwerpskakel en dié van die a-
teenwoordige tyd. Dit is ook moontlik dat daar 'n toon-
verskil kan bestaan tussen die temporaalopeenvolgende-

en kousaalopeenvolgende konsekutiefonderwerpskakels.

Die negatief van die konsekutief word gevorm m.b.v. die negatiewe infiksmorfeem -nga-, bv. nditaya ndabikela mkhosi = nditaya ndingabikeli mkhosi: ek sal gaan en nie die gebeurtenis berig nie.

Voorbeelde van gebruik.

a) Temporale handelinge.

Aku wawela ziku khalagata, ziwa kumatini: toe hy oorgaan, het hulle aangekom en in die water geval.

Bakuyitsika yakufamba, itlhasa kolano emutini wakhone itshama ebandla yakuyimbelela: hulle het hom laat staan en hy het in daardie stat aangekom en op die dorpsplein gaan staan en gosing.

Bakumuba atrutruma wafamba: hulle slaan hom toe en hy het gehardloop en weggegaan.

b) Kousale handelinge.

Sheke, ujula kuya wahemba madzimi kuKwenzani na?: wil jy na Kwenzani gaan en leuens aan hom gaan vertel?

Hitasuma ahomo iya yabika zaku angwanabo ufile: ons sal 'n bees stuur om die berig te bring dat hulle kind gesterf het.

Aku: "Famba, waba bzela zaku andibajuli!": hy het gesê gesê: "Loop en gaan sê vir hulle dat ek hulle nie wil hê nie."

15.1.6. Die infinitief

Soos reeds vermeld, word die infinitief gevorm d.m.v. die prefigering van die prefiks ku- aan die werkwoordstam en die negatief daarvan d.m.v. die infigering van die infiks -nga- tussen die prefiks en die werkwoordstam terwyl die uitgangsvokaal van die werkwoordstam met -i vervang word:

kuluma: om te byt =kungalumi: om nie te byt
nie.

kubona: om te sien =kungaboni: om nie te
sien nie

kufamba: om te loop =kungafambi: om nie te
loop nie.

kuyaka : om te bou =kungayaki: om nie te bou
nie.

15.1.7. Die emfatiese -ku-:

Soos in die tekste opgemerk sal word, word -ku- dikwels saam met die onderwerpskakel gebruik om meer klem op die handeling te lê, daarom noem Junod dit die "Emphatic particle", vergelyk bv. "Ndji ta ku ya: I shall certainly go."

(H.A. Junod, Elementary Grammar of the Thonga-Shangaan Language, bladsy 65).

Voorbeelde van gebruik.

Atlhela akuphinda aku: "Uyandibona zaku ndimani na?"
Akumlabisa. Aku: O! hiTholiwe^{akufa}^nayene hy het weer na hom gekyk en gesê: "Sien jy wie ek is?" Hy het hom weer aangestaar en gesê: "Dit is Tholiwe!" Ook hy het toe werklik gesterf.

Akutlhasa yakuyima ebandla inqola leyi: die wa het werklik aangekom en op die dorpsplein gaan staan.
Bakusuka labanhonyana batakuyene ngwakhe: hierdie meisies het toe werklik na haar moeder gegaan.

15.1.8. Die hortatief.

Die hortatief of wensvorm word in Songa gevorm m.b.v. die hortatiewe a- terwyl die uitgangsvokaal van die werkwoord met 'n -e vervang word.

In Songa word daar ook 'n dualis onderskei in welke geval daar nie -ni in die meervoud gesuffigeer word nie.

Voorbeeld van gebruik.

ahifambe! :laat (ons twee) gaan!

ahifambeni! :laat ons (almal) gaan!

ahiyimbelele! :laat (ons twee) sing!

ahiyimbeleleni! :laat ons (almal) sing!

Die negatief van die hortatief, d.w.s.
"moenie", word gevorm m.b.v. die woorde dzika/tsika
gevolg deur die infinitief van die werkwoord:

dzika kufamba!: laat vaar dit om te loop,
d.w.s. moenie loop nie!

dzikani kufamba!: moenie (julle) loop nie!
tsika kunwa bzala!: moenie die bier drink nie!
tsikani kunwa bzala!: moenie (julle) die bier
drink nie!

Wanneer die onderwerpskakel gebruik word, word
die negatiewe infiks -nga- gebruik om 'n negatiewe be-
vel te gee:

hingayidlayeni lehuku!: ons moet nie hierdie
hoender doodmaak nie!
ningamunwisi bzala!: julle moet hom nie laat
bier drink nie!

15.1.9. Die imperatief.

In die enkelvoud word die werkwoordstam onver-
anderd gebruik, maar vir die meervoud word -ni gesuf-
figeer:

bona!	:kyk!	bonani!	:kyk (julle)!
famba!	:loop!	fambani!	:loop (julle)!
yaka!	:bou!	yakani!	:bou (julle)!
wosa!	:braai!	wosani!	:braai (julle)!

Wanneer die refleksiewe infiksmorfeem -ti- of
ook 'n voorwerpskakel gebruik word, gaan die werkwoord-
stam op 'n -e uit:

tipfunele!	:help jouself!
ndinwise mati!	:gee my water om te drink!
ba d dlaye!	:maak hulle dood!

In die geval van die enkellettergrepige werk-
woorde word -na in die enkelvoud gesuffigeer:

nwana!.	:drink!	nwanani!	:drink (julle)!
dana!	:eet!	danani!	:eet (julle)!
mbana!	:grawe	mbanani!	:grawe (julle)!

15.2. Die partisipiale modus.

Die onderwerpskakels van die indikatiewe- en partisipiale modi is foneties identies en verskil alleen m.b.t. die toonhoogte daarvan; in die negatief maak die partisipiale modus egter gebruik van die negatiewe infiks -nga-.

⁂ Kenmerk van die partisipiale modus is onder andere die gebruikmaking van die werkwoordsuffiks -ku in die teenwoordige tyd.

a) Teenwoordige tyd.

i. Positief.

Wansati adzima nsingwini ayimbelelaku: die vrou skoffel singende in die land.

ii. Negatief.

Wansati adzima nsingwini angayimbeleliki: die vrou skoffel in die land terwyl sy nie sing nie.

b) Perfektum.

i. Positief.

Wansati adzime nsingwini ayimbelela: die vrou het singende in die land geskoffel.

ii. Negatief.

Wansati adzime nsingwini angayimbeleli: die vrou het nie singende in die land geskoffel nie.

c) Toekomende tyd.

i. Positief.

Wansati at^dadzima nsingwini ayimbelela: die vrou sal singende in die land skoffel.

ii. Negatief.

Wansati atadzima nsingwini angayimbeleli: die vrou sal nie singende in die land skoffel nie.

Voorbeeld met die partisipiale modusgedeelte in die perfektum, is die volgende:

Ndifambe atolo ndinwiki/ndinwile bzala lebzinyingi: ek het gister geloop terwyl ek baie bier gedrink het.

Ndifambe atolo ndinganwanga bzala le'bzinyingi: ek het gister geloop terwyl ek nie baie bier gedrink het nie.

Voorbeeld met die partisipiale modusgedeelte in die toekomende tyd:

Nditadonda nditaboniwa himudondisi: ek sal leer terwyl die onderwyser my sien.

Nditadonda ndinganakuboniwa himudondisi: ek sal leer terwyl ek nie deur die onderwyser gesien sal word nie.

15.3. Werkwoordinfikse met 'n implikatiewe betekenis.

a) -ha-: nog.

Hierdie infiks gee die progressiewe aspektiese betekenis van "nog" weer en in die negatief dié van "nie meer nie."

Die vokaal van die onderwerpskakel assimileer aan dié van die progressiewe aspektiese infiks sodat dit verskyn as nda-, ha-, dza-, ens.

Voorbeelde van gebruik.

^hndhada ekhumbini :ek eet nog in die kombuis.

Andihadi ekhumbini :ek eet nie meer in die kombuis nie.

Wanuna wahadzima nhabeni: die man ploeg nog by die berg.

Wanuna akahadzimi nhabeni: die man ploeg nie meer by die berg nie.

b) -se-/-si-:nou

-se-/-si- word as wisselvorme gebruik en word geïnfigeer tussen die onderwerpskakel en die werkwoordstam. In die positief gee dit die betekenis weer van "nou" en in die negatief dié van "nie meer nie".

Voorbeelde van gebruik.

Ndisenwa bzala: ek drink nou bier.

Hisibuyile : ons het al teruggekeer.

Anisefamba na? : is julle nog nie weg nie?

wanuna akasipfuka: die man het nog nie opgestaan nie.

c) -nga-: kan, mag.

Hierdie infiks gee die betekenis weer van "kan, mag", d.w.s. dit dui aan dat 'n handeling kan of moontlik mag plaasvind.

In die negatief word -nga- = -nge- terwyl die uitgangsvokaal van die werkwoord met 'n -i vervang word.
Voorbeelde van gebruik.

Ndingadonda hahombe: ek kan goed leer.

Ndingedondi hahombe: ek kan nie goed leer nie.

Wanuna angafamba munduku: die man mag (moontlik) môre weggaan.

Wanuna angefambi munduku: die man mag (moontlik) nie môre weggaan nie.

In plaas van die gebruikmaking van die infiks -nga- word vandag algemeen van die infinitiewe werkwoordkonstruksie kuzikota gebruik gemaak.

Dieselfde verskynsel word ook in Tswa aangetref:

"This form of the Potential (nl. met -nga-) is becoming less used. The younger generation prefers to employ kuzikota: to be capable of doing."

(J. A. Persson, Outlines of Tswa Grammar, bladsy 152).

Voorbeelde van gebruik.

Ndizikota kutisele mundondisi: ek kan vir die onderwyser werk.

Andizikoti kutisela mundonisi: ek kan nie vir die onderwyser werk nie.

Antrongwane azikota kudzwise timbuti: die kind kan bokke oppas.

Antrongwane akazikoti kudzwise timbuti: die kind kan nie bokke oppas nie.

15.3.1. Die enklitiese formatiewe.

Songa maak gebruik van twee enklitiese formatiewe, nl. -ke: dan maar, en -nje: sommer net.

Voorbeelde van gebruik.

Famba-ke umuka le kamalume, nditaya
ndakukumana kone : loop dan maar en gaan na my oom
toe, ek sal gaan en jou daar kry . . .

Yimbelelani-ke, hizaku nijula kuyimbelela: sing dan
maar, aangesien julle wil sing.

Anditrutrumi, ndifamba-nje: ek hardloop nie, ek loop
sommer net.

Hinwanyana-nje bzala: ons drink net so 'n bietjie bier.

15.4. Die defisiënte werkwoorde.

a) Tlhela: weer doen.

Kuku la bajulaku kumkawula, atlhela akuyimbelela
lololusimo: toe hulle hom wou kap, het hy weer daardie
lied gesing.

b) Jula: soek, begeer, wil.

Mine ndijula kufamba zozi: ek wil nou loop.

Wansati ajula kufa: die vrou wil nou doodgaan.

c) Vamisa: gewoonde wees.

Timhisi tivamisa kuzingela libaleni: die hiënas is
gewoonde om op die vlakte te jag.

Hivamisile kunwa masi: ons was gewoonde gewees om melk
te drink.

d) Sanda: nou-net, 'n kort rukkie gelede.

Hisanda kumbona yindlwini: ons het hom nou-net in die
huis gesien.

Hosi isanda kuba nduna: die opperhoof het nou-net 'n
indoena geslaan.

e) Sindi: amper.

Wanuna asindi kuwa matini: die man het so amper in die
water geval.

Tihomo tisindi kuheta mabele: die beeste het amper die
bantoekoring opgeëet.

f) Fanele: behoort, moet.

Batrongwane bafanele kuyingekela batswali babo: kinders behoort hulle ouers gehoorsaam te wees.

Ndifanele kufamba zozi: ek moet nou gaan.

g) Dzibala: aanhou.

Ntrongwane adzibala kudzila busikwini: die kind hou aan om gedurende die nag te huil.

Wanuna adzibala kuba nhabi hakabi: die man hou aan om die os vreeslik te slaan.

h) -li-:was(gewees).

Kwenzani alihosi mingwaka le'minyingi:Kwenzani was 'n opperhoof baie jare gewees.

Bito dzakhe dziliMvuba: sy naam was Mvuba.

i) -ta-: sal.

Nditata munduku: ek sal môre kom.

Hine hitaba laha: ons sal hier wees.

j) -ke.

Word gebruik in die negatiewe defisiënte werkwoord ngoke: nooit.

Ngeke ndibabzela: nooit vertel ek vir hulle nie.

Ngeke hitafamba hahlantswa nambzini: nooit sal ons loop en in die meer gaan was nie.

HOOFSTUK 16.

16.0. Die direkte relatief-konstruksie.

Aangesien daar in die paradigma's ter illustreering van die direkte- sowel-as indirekte relatiefkonstruksies alleen voorbeelde gegee sal word met die eer te persoon enkelvoud, word hieronder 'n tabel gegee met al die selfstandige naamwoordklasse se relatiefskakels.

Die relatiefskakel word gevorm m.b.v. die demonstratief van die eerste trap gevolg deur die onderwerpskakel. Die demonstratief word egter verkort d.m.v. die elisie van die laaste lettergreep, bv. tihomo leti tifambaku = tihomo le'tifambaku, ens. Die apostroof word gebruik om aan te dui waar die lettergreep van die demonstratief elisie ondergaan het.

En Kenmerk van die direkte relatiefkonstruksie is die suffiks -ku aan die werkwoord.

Die negatief word gevorm d.m.v. die infigering van die partisipiale modus negatiefinfiks -nga- tussen die onderwerpskakel en die werkwoordstam of voorwerpskakel terwyl -ku = -iki.

In die perfektum word -iki sowel as -ile gebruik. -ile word in die negatief van die perfektum met -anga vervang terwyl -iki met -angaku vervang word.

Tabel van relatiefskakels.

Iste pers.	lwe ndi-	laba hi-
2de pers.	lwe u-	laba ni-
Klas 1: mu- ba-	:lwe'a-	la'ba-
Klas 2: mu- mi-	:lo'wu-	le'mi-
Klas 3: dzi- ma-	:le'dzi-	la'ma-
Klas 4: shi- zi-	:le'shi-	le'zi-
Klas 5: yi(N)- ti(N)-	:le'yi-	le'ti-
Klas 6: lu-/li- ti(N)-	:lo'li-	le'ti-
Klas 7: bu- ma-	:le'ba-	la'ma-
Klas 8: ku-	:lo'ku-	IIO/.....

16.1. Konjugasie van die direkte relatief in die verskillende tye.

A. Teenwoordige tyd.

i. Positief.

mine lwe ndibonaku: ek wat sien.

ii. Negatief.

mine lwe ndingaboniki: ek wat nie sien nie.

B. Perfektum.

i. Positief.

mine lwe ndiboniki/bonile: ek wat gesien het.

ii. Negatief.

mine lwe ndingabonangaku/mine lwe ndingabonanga: ek wat nie gesien het nie.

C. Toekomende tyd.

i. Positief.

mine lwe nditakubonaku: ek wat sal sien.

ii. Negatief.

mine lwe ndingatikubonaku: ek wat nie sal sien nie

D. Onvoltooid verlede tyd.

i. Positief.

mine kale lwe ndibonaku: ek wat gesien het.

ii. Negatief.

mine kale lwe ndingaboniki: ek wat nie gesien het nie

E. Voltooid verlede tyd.

i. Positief.

mine kale lwe ndiboniki/lwe ndi bonile: ek wat gesien gehad het.

ii. Negatief.

mine kale lwe ndingabonangaku/lwendingabonanga: ek wat nie gesien gehad het nie.

16.2. Die indirekte relatiefkonstruksie.

'n Kenmerk van die indirekte relatiefkonstruksie is die gebruikmaking van die infiks -nga- om die perfektum aan te dui, dus word daar nie van die suf-
III/.....

fikse -ile/-iki gebruik gemaak nie.

In die negatief van die perfektum word die negatiewe infiks -morfeem -nga- van die partisipiale modus gebruik, terwyl die uitgangsvokaal van die werkwoord met -angaku vervang word.

16.2.1. Die voorwerpsverhouding.

"die seun vir wie ek sien".

A. Teenwoordige tyd.

i. Positief.

mufana lwe ndimbonaku: die seun wie ek sien

ii. Negatief.

mufana lwe ndingamboniki: die seun wie ek nie sien nie

B. Perfektum.

i. Positief.

mufana lwe ndingambonaku: die seun wie ek gesien het

ii. Negatief.

mufana lwe ndingambonangaku: die seun wie ek nie gesien
het nie.

C. Toekomende tyd.

i. Positief.

mufana lwe nditakumbonaku: die seun wie ek sal sien

ii. Negatief.

mufana lwe ndingatikumbonaku: die seun wie ek nie sal
sien nie

D. Onvoltooid verlede tyd.

i. Positief.

mufana lwe kale ndimbona: die seun wie ek gesien het

ii. Negatief.

mufana lwe kale ndingamboni: die seun wie ek nie ge-
sien het nie.

E. Voltooid verlede tyd.

i. Positief.

mufana lwe kale ndimbonile: die seun wie ek gesien ge-
had het.

ii. Negatief.

mufana lwe kale ndingambonanga: die seun wie ek nie gesien gehad het nie.

16.2.2. Die bywoordelike verhouding.

"Die huis waarin ek sien".

A. Teenwoordige tyd.

i. Positief.

yindlu le 'yi ndibonaku kuyone: die huis waarin ek sien.

ii. Negatief.

yindlu le 'yi ndingaboniki kuyone: die huis waarin ek nie sien nie.

B. Perfektum.

i. Positief.

yindlu le 'yi ndingabonaku kuyone: die huis waarin ek gesien het.

ii. Negatief.

yindlu le 'yi ndingabonangaku kuyone: die huis waarin ek nie gesien het nie.

C. Toekomende tyd.

i. Positief.

yindlu le 'yi nditakubonaku kuyone: die huis waarin ek sal sien.

ii. Negatief.

yindlu le 'yi ndingatikubonaku kuyone: die huis waarin ek nie sal sien nie.

D. Onvoltooid verlede tyd.

i. Positief.

yindlu le 'yi kale ndibona kuyone: die huis waarin ek gesien het.

ii. Negatief.

yindlu le 'yi kale ndingaboni kuyone: die huis waarin ek nie gesien het nie.

E. Voltooid verlede tyd.

i. Positief.

yindlu le'yi kale ndibonile kuyone: die huis
waarin ek gesien gehad het.

ii. Negatief.

yindlu le'yi kale ndingaboni^{anga} kuyone: die huis
waarin ek nie gesien gehad het nie.

16.2.3. Die konjunktief-bywoordelike verhouding.

"Die seun met wie ek sien."

A. Teenwoordige tyd.

i. Positief.

mufana lwe ndibonaku nayene: die seun met wie
ek sien.

ii. Negatief.

mufana lwe ndingaboniki nayene: die seun met
wie ek nie sien nie.

B. Perfektum.

i. Positief.

mufana lwe ndingabonaku nayene: die seun met
wie ek gesien het.

ii. Negatief.

mufana lwe ndingabonⁿaku nayene: die seun met
wie ek nie gesien het nie.

C. Toekomende tyd.

i. Positief.

mufana lwe nditakubonaku nayene: die seun met
wie ek sal sien.

ii. Negatief.

mufana lwe ndingatikubonaku nayene: die seun
met wie ek nie sal sien nie.

D. Onvoltooid verlede tyd.

i. Positief.

mufana lwe kale ndibona nayene: die seun met
wie ek gesien het.

ii. Negatief.

mufana lwe kale ndingaboni nayene: die seun
met wie ek nie gesien het nie.

E. ~~On~~Voltooid verlede tyd.

i. Positief.

mufana lwe kale ndibonile nayene: die seun met
wie ek gesien gehad het.

ii. Negatief.

mufana lwe^{kale} ndingabonanga nayene: die seun met
wie ek nie gesien gehad het nie.

16.2.4. Die agentief-kopulatiewe verhouding.

"Die man deur wie ek geslaan is."

A. Teenwoordige tyd.

i. Positief.

wanuna lwe ndibiwa hayene: die man deur wie ek geslaan word.

ii. Negatief.

wanuna lwe ndingabiwa hayene: die man deur wie ek nie geslaan word nie.

B. Perfektum.

i. Positief.

wanuna lwe ndingabiwa hayene: die man deur wie ek geslaan was.

ii. Negatief.

wanuna lwe ndingabiwanga hayene: die man deur wie ek nie geslaan was nie.

C. Toekomende tyd.

i. Positief.

wanuna lwe nditakubiwa hayene: die man deur wie ek geslaan sal word.

ii. Negatief.

wanuna lwe ndingatikubiwa hayene: die man deur wie ek nie geslaan sal word nie.

D. Onvoltooid verlede tyd.

i. Positief.

wanuna lwe kale ndibiwa hayene: die man deur wie ek geslaan was.

ii. Negatief.

wanuna lwe kale ndingabiwa hayene: die man deur wie ek nie geslaan was nie.

E. ~~On~~Voltooid verlede tyd.

i. Positief.

wanuna lwe kale ndibiwile hayene: die man deur wie ek geslaan gewees het.

ii. Negatief.

wanuna lwe kale ndingabiwa hayene: die man deur wie ek nie geslaan gewees het nie.

HOOFSTUK 17.

